

**Die hantering van alledaagse bekommernisse deur
laerskoolleerders in die Helderberg-kom**

R Jansen van Vuuren

23238593

Verhandeling (artikelformaat) voorgelê vir die graad Magister Artium in
Psigologie aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr C Van Wyk

Mede-studieleier: Dr W de Klerk

November 2013

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS	iii
OPSOMMING	iv
SUMMARY	vi
VERKLARING	viii
TOESTEMMING VAN STUDIELEIERS	ix
VERKLARING VAN TAALKUNDIGE	x
VOORWOORD	xi

AFDELING 1

INLEIDING TOT STUDIE

1. INLEIDING	1
2. RASONAAL VIR STUDIE EN LITERATUUR-OORSIG	2
3. DOEL VAN STUDIE	8
4. UITEENSETTING VAN STUDIE	8
BRONNELYS	10

AFDELING 2

ARTIKEL: DIE HANTERING VAN ALLEDAAGSE BEKOMMERNISSE DEUR LAERSKOOLLEERDERS IN DIE HELDERBERG-KOM

1. INLEIDING	22
2. LAERSKOOLLEERDERS EN ALLEDAAGSE BEKOMMERNISSE	22
3. NAVORSINGSMETODOLOGIE	25
4. RESULTATE	28
5. BESPREKING VAN RESULTATE	47
6. SAMEVATTING	50
BRONNELYS	51

AFDELING 3

KRITIESE REFLEKSIE OOR STUDIE

1. KRITIESE REFLEKSIE	64
2. AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING	68
3. SAMEVATTING	68
BRONNELYS	70

BYLAES:

BYLAE A

TOESTEMMING VAN ONDERWYSDEPARTEMENT	73
---	----

BYLAE B

TOESTEMMING VIR DEELNAME AAN NAVORSING	74
--	----

BYLAE C

ONDERHOUDSKEDULE VIR SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE	80
--	----

BYLAE D

TRANSKRIPSIE VAN 'N INDIVIDUELE ONDERHOUD	82
---	----

BYLAE E

DATA-ANALISE: TEMAS, SUBTEMAS EN AANHALINGS	97
---	----

BYLAE F

RIGLYNE VIR ARTIKEL	111
---------------------------	-----

LYS VAN TABELLE

TABEL 1: Resultate van studie	29
-------------------------------------	----

DANKBETUIGINGS

Ek wil graag my opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies betuig:

- Dr. Carlien van Wyk vir haar leiding, aanmoediging en ondersteuning gedurende hierdie studie.
- Dr. Werner de Klerk vir sy leiding en bydrae tot die studie.
- Die betrokke laerskool vir die bydrae, entoesiasme en tyd en die ondersteuning van hierdie studie, veral die skoolhoof en betrokke onderwysers en die ouers van elke deelnemer.
- Elke leerder wat bereid was om deel te neem aan die onderhoude en hul persoonlike ervarings met my te deel vir hierdie navorsing; elke inset was van onskatbare waarde.
- Die taalkundige, D.Terblanche, vir al haar hulp, tyd en bystand.
- Die tegniese versorger, S.Winckler, vir haar vinnige en deeglike hulp en bystand.
- Familie, vriende en kollegas vir belangstelling en ondersteuning, veral my ouers en ouma Renée se aanmoediging en ondersteuning: julle beteken vir my ongelooflik baie! Ook my oupa Mike de Vries wat my studies moontlik gemaak het en my steeds inspireer om aan te hou studeer.
- My man, Attie: baie dankie vir al die aanmoediging, ondersteuning en liefde, veral aan die einde waar dit lank begin raak het!
- Dankie ook aan God ons Vader vir die moontlikheid van studeer en alles wat daarmee saamgaan!

OPSOMMING

Die meeste laerskoolleerders ervaar alledaagse bekommernisse tydens hul normale ontwikkeling. Kinders hanteer bekommernisse verskillend, en indien hulle nie ondersteun word nie, kan dit hulle self-konsep en psigososiale ontwikkeling negatief beïnvloed. Ouers en onderwysers is nie altyd bewus van wat laerskoolleerders bekommer, of hoe hulle dit hanteer nie. Dit is belangrik dat ouers en onderwysers hiervan bewus gemaak word sodat kinders beter ondersteun kan word in hierdie verband.

Die doel van hierdie studie was om te bepaal wat die alledaagse bekommernisse van laerskoolleerders in 'n spesifieke skool in die Helderberg-kom is, asook hoe hierdie bekommernisse hanteer word. 'n Beskrywende, kwalitatiewe navorsingsontwerp is onderneem ten einde hierdie doel te bereik. Dertig leerders tussen die ouderdom van tien en elf is in 'n spesifieke skool betrek deur 'n eenvoudige ewekansige steekproef. Semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoude is benut om 'n gedetailleerde beeld van leerders se alledaagse bekommernisse en hul hantering daarvan te verkry. Onderhoude het plaasgevind volgens 'n onderhoudskedule, wat saamgestel is na aanleiding van 'n literatuurstudie, in 'n loodstudie getoets en aangepas is waar nodig. Onderhoude is getranskribeer en aan die hand van Braun en Clarke se metode van tematiese analise is temas geïdentifiseer. Op intrapersoonlike vlak is een bekommernis geïdentifiseer, naamlik bekommernisse oor emosies wat ervaar word. Hantering op hierdie vlak geskied deurdat deelnemers verkies om alleen te wees, probeer om nie aan bekommernisse te dink nie, huil, skryf of teken in dagboek, deur gebed, eet of slaap. Op interpersoonlike vlak is bekommernisse rakende die skool, familie, vriende en verlies geïdentifiseer. Hantering op hierdie vlak geskied deur tyd te spandeer met 'n familielid, vriende, die media, troeteldiere, of deur vir ondersteuning by die skool te vra. Temas is in subtemas verdeel, met toepaslike aanhalings uit die onderhoude ondersteun en met literatuur gekontroleer.

Die studie bevestig reeds bestaande literatuur in terme van die bekommernisse wat laerskoolleerders ervaar. Met hierdie studie word daar egter 'n bydrae gemaak tot

die identifisering van bekommernisse op inter- en intrapersoonlike vlak, asook die hantering daarvan op hierdie twee vlakke. In die toekoms kan hierdie inligting dus as basis gebruik word vir die ontwikkeling van effektiewe wyses waarop ouers en onderwysers kinders kan ondersteun in hierdie verband.

Aanbevelings is gemaak vir ouers en onderwysers om kinders aan te moedig om oor hul bekommernisse te gesels, asook om te help om geskikte wyses van hantering te bespreek en te beoefen. Dit is belangrik dat ouers en onderwysers bewus gemaak word van sake waarvoor kinders bekommerd is en hoe hulle dit hanteer, sodat kinders ondersteun en bygestaan kan word hiermee.

SLEUTELTERME: Alledaagse bekommernisse, psigososiale ontwikkeling, hantering, laerskoolleerders, middelkinderjare, beskrywende kwalitatiewe navorsingsontwerp, intrapersoonlik, interpersoonlik, bewusmaking, ondersteuning

SUMMARY

Most primary school learners experience everyday worries during their normal development. Children handle worries differently, and if they are not supported, their self-concept and psychosocial development could be influenced negatively. Parents and teachers are not always aware of what primary school learners worry about, or how they handle their worries. It is important that parents and teachers are made aware of this, so that children can be better supported in this regard.

The aim of this study was to determine the everyday worries of primary school learners in a specific school in the Helderberg area, as well as how these worries are handled. This aim was addressed through a descriptive, qualitative research design. Thirty learners between the ages of ten and eleven in the specific school were involved through a simple random sample. Semi-structured one-on-one interviews were used to obtain a detailed picture of learners' everyday worries and how they handle them. Interviews were held through the use of an interview schedule, which was compiled in accordance with a literature study, tested in a pilot study and adjusted where necessary. Interviews were transcribed and themes were identified according to Braun and Clarke's method of thematic analysis. On intrapersonal level one worry was identified, namely about emotions that are experienced. On this level participants handled worries by preferring to be alone, trying not to think about worries, crying, writing or drawing in diary, through praying, eating or sleeping. On interpersonal level, worries about school, family, friends and loss were identified. On this level worries were handled through spending time with a family member, friends, the media, pets, or by asking for support from the school. Themes were divided into subthemes, supported with appropriate quotes from the interviews and controlled with literature.

This study confirms existing literature in terms of the worries that primary school learners experience. With this study a contribution is being made to the identification of worries on inter- and intrapersonal level, as well as the handling of worries on these two levels. In the future this information can be used as a basis for the

effective development of ways for parents and teachers to support children in this regard.

Suggestions were made for parents and teachers to encourage children to talk about their worries, as well as to help them find effective ways in which to communicate and practice to handle these worries well. It is very important that parents and teachers are made aware of topics children are worried about and how they handle them, so that children can be better supported and assisted in this regard.

KEY TERMS: Everyday worries, psychosocial development, handling, primary school learners, middle childhood, descriptive qualitative research design, intrapersonal, interpersonal, awareness, support

VERKLARING

Hiermee verklaar ek dat **Die hantering van alledaagse bekommernisse deur laerskoolleerders in die Helderberg-kom** my eie werk is en dat alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het, aangetoon is by wyse van volledige bronverwysings.



17 September 2013

Renée Jansen van Vuuren

Datum

23238593

TOESTEMMING VAN STUDIELEIERS

Die betrokke kandidaat het 'n artikel geskryf met die ondersteuning van haar studieleier asook mede-studieleier. Ons gee hiermee toestemming dat sy hierdie artikel mag ingee vir eksamineringsdoeleindes vir die graad Magister in Psigologie aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit.




Dr Carlien van Wyk
Studieleier



Dr Werner de Klerk
Mede-Studieleier

VERKLARING VAN TAALKUNDIGE

Hiermee verklaar ek dat ek in 1980 'n B.A. Graad met Frans en Engels as hoofvakke aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het, en in 1981 'n Nagraadse Diploma in Vertaling (c.l.) aan dieselfde universiteit. Ek het as taalpraktisyn gewerk by die Kaapse Stadsraad, die Universiteit van Stellenbosch en die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Die afgelope vyf-en-twintig jaar doen ek vryskutredigering en taalversorging, en het reeds verskeie verhandelinge en proefskrifte hanteer in die velde van ingenieurswese, teologie en bedryfsielkunde. Ek het hierdie proefskrif geredigeer en taalversorg.



D.Terblanche
Taalkundige

3 September 2013

Datum

VOORWOORD

Magister Artium in Psigologie in artikelformaat

Hierdie verhandeling word in artikelformaat voorgelê volgens rëel A.5.4.2.7 van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus Jaarboek. Hierdie artikel sal aan die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* voorgelê word vir publikasie. Let asseblief op dat die verwysings in die artikel (in Afdeling 2) volgens die outeursriglyne vir die joernaal (aangeheg as Bylae F) verskaf word, terwyl die res van die verhandeling se verwysings volgens die Harvard-metode gegee word, soos verskaf deur die Noordwes-Universiteit se verwysingshandleiding (2012).

AFDELING 1

INLEIDING TOT STUDIE

1. INLEIDING

Die meeste kinders ervaar bekommernisse as deel van hul alledaagse ontwikkeling (Field & Davey, 2001:187; Muris, 2007:1; Muris, Merckelbach, Gadet & Moulaert, 2000:43; Oesterreich, 2003:8; Papalia, Olds & Feldman, 2002:369). Om bekommerd te wees is om ongelukkig te wees omdat daar gedink word oor probleme of negatiewe dinge wat kan gebeur (Freeston, Dugas & Ladoucer, 1996:265; Szabo & Lovibond, 2002:167). Dit is egter normale, gesonde response tot bedreigende omstandighede (Aldridge, 2010:346; Field & Davey, 2001:187; Tennant, 2005:1). Bekommernisse van kinders word as alledaags gedefinieer omdat dit voorkom by verskillende rasse, nasionaliteite, religieë en in verskillende finansiële en leefsituasies (Last, 2006:4).

In baie gevalle is die vrese en bekommernisse van kinders egter van korte duur, wat lei tot die foutiewe gevolgtrekking deur navorsers dat die bekommernisse van kinders nie ernstig opgeneem moet word nie. Dit het tot gevolg dat min internasionale navorsing daaromtrent gedoen is, veral ook rakende hoe kinders hierdie bekommernisse hanteer (Burnham & Lomax, 2009:388; Muris, 2007:13). Verder is daar min navorsing in verband met bekommernisse en die hantering daarvan spesifiek in Suid-Afrika gedoen (D'amico & Barbarito, 2010:1).

In hierdie studie word die hantering van alledaagse bekommernisse deur laerskoolleerders by 'n spesifieke skool in die Helderberg-kom ondersoek.

2. RASIONAAL VIR STUDIE EN LITERATUUR-OORSIG

Die navorser was die afgelope vyf jaar (2007-2012) deur middel van beradings- en lewensvaardigheidsgroepe betrokke by verskeie laerskole in die Helderberg-kom in die Wes-Kaap. Die betrokke studie is onderneem by een van hierdie laerskole, wat 'n verskeidenheid van tale, kulturele- en sosio-ekonomiese agtergronde verteenwoordig. 'n Bewustheid het by die navorser ontstaan van die alledaagse bekommernisse van laerskoolleerders in die middelkinderjare; dit is tussen ses en twaalf jaar oud volgens Louw en Louw (2007:214) asook Wait, Meyer en Loxton (2004:17). 'n Bewustheid het ook ontstaan ten opsigte van hoe die laerskoolleerders hierdie bekommernisse probeer hanteer. Hierdie bekommernisse word nie as abnormaal beskou nie, maar het steeds implikasies vir kinders se ontwikkeling, funksionering en self-konseptontwikkeling (Burkhart, 2007:iii; Last, 2006:12, 25; Prins, 2001:187).

Bekommernisse word deur Mairs (2011:1) gedefinieer as gedagtes oor probleme of vrees; om vrees te voel of te wys asook senuweeagtigheid of angs te ervaar omtrent iets negatiefs wat kan gebeur of reeds gebeur het. Dit is dus ongewenste, onbeheerbare, onwillige kognitiewe aktiwiteite geassosieer met negatiewe denke en 'n sekere mate van emosionele ongemak (Davey & Wells, 2006: 379; Freeston *et al.*, 1996:265). Dit is ook nodig om na ander verwante konsepte te kyk ten einde te verstaan hoe dit met die term *bekommernisse* verband hou.

Vrees is 'n onplezierige emosie as gevolg van die bewustheid van gevaar; 'n gevoel van bangwees wat emosionele stres en vermyding kan veroorsaak. *Vrees* is algemeen in kinders, en meer intens as *bekommernisse* (Gray, 1987:3; Mairs, 2011:1).

Stres is 'n toestand van senuweeagtigheid en sterk gevoelens van kommer as gevolg van probleme in iemand se lewe of werk. Dit kan die manier waarop kinders dink, optree en voel beïnvloed, asook hoe hulle leer, probleme oplos en met ander oor die weg kom (Faust, 2011:1; Fink, 2010:5; Kaneshiro, 2001:1). *Stres* by kinders van skoolgaande ouderdom kan woede, vermyding, ontkenning, paniek en fisiese

sweet, bewerasies of vinnige asemhaling tot gevolg hê (Rank, 2012:1). Wanneer te veel stres voorkom en kinders dit nie kan proses nie word dit 'n bekommernis (Louw & Louw, 2007:244; Pienaar, 2010:1).

Angs word gedefinieer as vrees of senuweeagtigheid oor wat kan gebeur, wat erge ongemaklikheid of bekommernis kan veroorsaak (Vasey, Crnic & Carter, 1994:529). Die kognitiewe komponent van angs is dan bekommernis, wat steurende denke oor moontlike toekomstige gevare behels (Folk, 2011:1; Smith, Pieper & Moyer-Guse, 2008:228).

In die lig van bogenoemde beskrywing van verskeie konsepte blyk dit dus dat vrees, stres asook angs bekommernisse kan veroorsaak of vererger. Vir die doel van hierdie studie sal die fokus slegs op bekommernisse wees.

In hierdie studie is daar spesifiek op laerskoolleerders (middelkinderjare) gefokus, en daarom sal hierdie ontwikkelingsfase vervolgens bespreek word. Die laerskooljare is 'n belangrike tydperk vir kinders se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsep-ontwikkeling (Louw & Louw, 2007:214; Oswalt, 2008:2; Ryan, 2008:1; Schonert-Reichl, Guhn, Hymel, Hertzman, Sweiss, Gadermann, Marriott, Burroughs, Calbick, Oberle, Smith, Pedrini & Harvey, 2010:1). Ontwikkeling in dié areas help kinders om 'n beter begrip te verkry van hoe hulle die wêreld om hulle verstaan (Louw & Louw, 2007:214; Ryan, 2008:1). Dit help hulle om hul identiteit vas te stel en kenmerk die begin van hul ontwikkeling in adolessensie en volwassenheid (Schonert-Reichl *et al.*, 2010:1). Ontwikkeling van persoonlikheid, motivering en interpersoonlike verhoudings is in hierdie ouderdomstydperk baie belangrik; so ook die ontwikkeling van taal, simboliese denke, logistiek, geheue, emosionele bewustheid, empatie, 'n morele waarde-sin, en 'n sin van identiteit, insluitend geslagsrol-identiteit (Faust, 2011:1; Freeman, 2011:1; Kagan & Gall, 2011:1).

Vir die doel van hierdie studie is kinders in die laat middelkinderjare betrek. Die laat middelkinderjare is volgens Armstrong (2008:1) en Hillegass (2011:1) tussen die ouderdom tien en elf jaar. Hierdie kinders kan emosies en gedagtes meer akkuraat ervaar, wys, hanteer en kommunikeer (Louw & Louw, 2007:244; Oswalt, 2008:15; Zembar & Blume, 2009:1). Hul redenering is nou baie meer soos dié van 'n

volwassene (Wait *et al.*, 2004:132), en hulle is nou meer bewus van hulself en die wêreld om hulle, meer reflekerend, en minder egosentries (Charlesworth, Wood & Viggiani, 2007:175; Ryan, 2008:1; Schonert-Reichl *et al.*, 2012:1).

Die ontwikkeling wat plaasvind tydens die middelkinderjare en laat middelkinderjare is krities vir gesondheid, welstand, aanpassing en sukses in die adollessensiefase en vroeë volwassenheid. Navorsing (Schonert-Reichl *et al.*, 2010:1) staaf dat dit belangrik is om tydens hierdie ouderdomstydperk in te tree sodat toekomstige probleme vermy kan word. In die lig hiervan meld verskeie outeurs (D'amico & Barbarito, 2010:1; Papalia *et al.*, 2002:369; Reasoner & Dusa, 1991:3) dat bekommernisse implikasies vir leerders in hierdie fase se ontwikkeling en funksionering kan hê. Dit is dus volgens Schonert-Reichl *et al.* (2010:1) 'n belangrike ouderdomstydperk om in te tree indien bekommernisse wel ervaar word. Bogenoemde literatuur het bygedra tot die keuse van ouderdomsfase in hierdie studie, omdat dit so belangrik is om teen hierdie ouderdom, wat die laat middelkinderjare insluit, in te tree wanneer bekommernisse voorkom.

Erikson se teorie van psigososiale ontwikkeling, een van die bekendste teorieë van persoonlikheid in die sielkunde (Cherry, 2012:1; Nelson, 2012:1), dien as teoretiese raamwerk vir hierdie studie, aangesien bekommernisse in die middelkinderjare aan die hand van hierdie teorie beter verstaan kan word. Volgens Erikson is menslike ontwikkeling 'n produk van die interaksie tussen 'n individu se sielkundige behoeftes en vermoëns aan die een kant, en die sosiale gemeenskap se verwagtings en eise aan die ander kant (Cherry, 2012:1; Nelson, 2012:1). Erikson het agt ontwikkelingsfases verduidelik, waarvan die middelkinderjare een is, wat dus op hierdie studie van toepassing is. Tydens hierdie fases vind fisiese, kognitiewe, instinktiewe en seksuele veranderinge plaas en kan dit lei tot die ontstaan van interne konflikte. Die oplossing hiervan het groei en ontwikkeling van spesifieke lewenswaardes tot gevolg, wat die res van die persoon se ontwikkeling en funksionering sal beïnvloed (Louw & Louw, 2007:29; Mosby, 2009:1).

Psigososiale ontwikkeling behels volgens Erikson fases van ontwikkeling, wat die volgende insluit: vertrouwe, selfstandigheid, inisiatief, ywerigheid en identiteit, intimiteit, vrugbaarheid en ego-integriteit, wat alles op verskillende ouderdomme

ontwikkel soos wat die persoon vanaf geboorte interaktief verkeer met sy omgewing (Cherry, 2012:1; Louw & Louw, 2007:20; Mosby, 2009:1; Wait *et al.*, 2004:13). Verskeie outeurs (Cherry, 2012:1; Louw & Louw, 2007:241; Nelson, 2012:1) is van mening dat die kind in die middelkinderjare se ontwikkelingstaak die bemeestering van ywerigheid en bekwaamheid teenoor minderwaardigheid is. Verder begin kinders deur sosiale interaksies 'n sin van trots ontwikkel in hul prestasies en vermoëns. Bogenoemde outeurs meld dat kinders nou hul verbeelding en impulse moet begin beheer en ander probeer tevrede stel. Indien kinders verder deur volwassenes aangemoedig word in hul probeerslae, sal hul 'n bemeesteringsgevoel en goeie selfvertroue ontwikkel, en in hul vaardighede glo. Volgens bogenoemde outeurs sal kinders van dié ouderdom wat min of geen aanmoediging van ouers, onderwysers of hul portuurgroep kry nie, twyfel in hul vermoëns om suksesvol te kan wees, en dus bekommerd, hulpeloos en minderwaardig begin voel, asook lae selfvertroue hê. In aansluiting hierby meld Cherry (2012:1) dat bogenoemde faktore kinders se bekommernisse dus direk kan beïnvloed en ook kan veroorsaak.

Spesifieke ontwikkelingstake in die middelkinderjare is die bemeestering van vriendskap, self-evaluasie (self-konsep), konkrete operasies, vaardigheidsleer en spanspel (Wait *et al.*, 2004:19). Om bekwaam te voel en so hul psigososiale krisis op te los, moet kinders van dié ouderdomstydperk die volgende areas ontwikkel: om aan te pas by die skool (veral by sosiale strukture en verwagtinge), om gemaklik te voel om opinies uit te druk, en selfvertroue asook sosiale verhoudings te ontwikkel, asook om portuurgroep-verhoudings te ontwikkel, om reëls te kan volg, en om akademies te presteer (Charlesworth *et al.*, 2007:175; Cherry, 2012:1; Louw & Louw, 2007:241). Probleme met bogenoemde aanpassing en ontwikkeling sal dus ook moontlik kan aanleiding gee tot bekommernisse.

Elke ondervinding wat die kind as deel van sy psigososiale ontwikkeling as aangenaam of onaangenaam beleef, het gevolglik 'n invloed op die vorming van sy self-konsep (Bentham, 2004:137; D'amico & Barbarito, 2010:1). Bekommernisse oor hierdie ondervindings kan dus beïnvloed hoe kinders hulself sien (Reasoner & Dusa, 1991:3) en indien hul nie gehelp word om stres in verband met alledaagse bekommernisse te hanteer nie, kan kinders later voel dat hulle nie beheer oor lewensomstandighede het nie en dus verder hulpeloos of magteloos voel (Jacobs &

Vrey, 1982:43). Kinders met baie bekommernisse kan later alledaagse bedreigings evalueer as meer ernstig as wat dit moontlik is omdat hulle hul hanteringsvermoëns betwyfel (Dowling, 2005:1; Prins, 2001:23-24; Tomb & Hunter, 2004:87-88). Psigososiale ontwikkeling kan verder beïnvloed word indien kinders nie ondersteuning ontvang nie (D'amico & Barbarito, 2010:1; Geddes & Grosset, 1999:133,137; Nelson, 2012:1). Self-evaluasie en die ontwikkeling van selfvertroue as deel van kinders in die laerskooljare se spesifieke ontwikkelingstake, sal dus bekommernisse en minderwaardigheidsgevoelens direk kan beïnvloed (Cherry, 2012:1; Louw & Louw, 2007:241; Wait *et al.*, 2004:19). Dit sal volgens hierdie outeurs veral gebeur indien hierdie take nie suksesvol afgehandel word nie, wat weer direk die kinders se hantering van die bekommernisse en ontwikkelingstake sal beïnvloed.

Voorbeelde van stresvolle gebeurtenisse in die middelkinderjare wat bekommernisse kan vermeerder is: om te verhuis, vrees vir onderwysers se straf, bekommernisse omtrent vriende, bekommernisse omtrent skoolwerk, vrees om nie aanvaar te word in 'n belangrike groep nie, vrees om anders te wees as ander, bekommernisse as gevolg van liggaamlike veranderinge en egskeiding van ouers (Flander, 2011:1; Jewett & Peterson, 2002:1). Die gevolge van kommer kan volgens hierdie outeurs ook vererger word deur bogenoemde stresvolle gebeurtenisse. Hulle is verder van mening dat kinders wat goeie familieverhoudings ontwikkel het met een of meer ouers, wat die ervaring het om suksesvol op skool te wees en goeie verhoudings met hul portuurgroep het, egter minder geneig is om verdere probleme te ontwikkel.

Bekommernisse kan lei tot 'n verskeidenheid implikasies vir kinders, naamlik: depressie en vermyding, onnatuurlike skaamheid, oordrewe kommer, 'vries' in sosiale situasies, obsessiewe belangstelling in objekte, roetine of kos, asook behepthed met "wat volgende gaan gebeur" (Flander, 2011:1; Jewett & Peterson, 2002:1). Swak probleemoplossing, afhanklikheid, aggressiewe emosies en lae self-konsep is verdere moontlike implikasies van bekommernisse (Dowling, 2005:1; Grills & Ollendick, 2002:59-60; Tomb & Hunter, 2004:87-88). Hierdie implikasies sal ook moontlik die hantering van bekommernisse by laerskoolleerders kan beïnvloed.

Kinders moet aangemoedig word om oor hul bekommernisse te gesels (Kaneshiro, 2001:1). Studies (DeGeorge, 2011:1; Goodman, 2001:1) wys dat ouers menigmaal kinders se bekommernisse en stres onderskat en nie verstaan nie. Dit is dus belangrik dat ouers bewus gemaak word van die dinge waaroor kinders bekommerd is, asook hoe hulle dit hanteer. Dit is belangrik aangesien bekommernisse kinders kan keer om aan die alledaagse lewe deel te neem, in die skool te konsentreer en te kan ontspan (Gottlieb & Bronstein, 1996:1; Pienaar, 2010:1). Daar is nou ook meer druk op skole om die bekommernisse en probleme by kinders te herken, en om hul sosiale en lewensvaardighede te leer sodat hul kan ontwikkel in gesonde volwassenes (Freeman, 2011:1; Kagan & Gall, 2011:1). Behalwe in ernstige gevalle, word bekommernisse by kinders baie min na professionele persone verwys en ouers moet dus leer om dit self te hanteer (Creswell & Willetts, 2007:181). Dit is dus belangrik dat onderwysers ook bewus gemaak word waaroor kinders bekommerd is, asook hoe hulle dit hanteer.

Met bogenoemde in ag geneem, is dit steeds grootliks onbekend hoe ernstig bekommernisse werklik by kinders is (Muris, 2007:13; Tomb & Hunter, 2004:88), en die vraag word in vorige navorsing gestel of dit werklik hul alledaagse funksionering beïnvloed (King, Muris & Ollendick, 2005:54; Muris, 2007:13). Min onlangse studies is hieroor gedoen (Burnham & Lomax, 2009:388; Henker, Whalen & O'Neil, 1995:1; Muris, 2007:13), en veral min binne die Suid-Afrikaanse konteks (Hartley, 2008:70; Perold, 2001:105). Min literatuur is beskikbaar oor die hantering van bekommernisse by laerskoolleerders, en die navorser wil poog om deur hierdie studie 'n bydrae te maak in hierdie verband.

Die betrokke studie is uitgevoer na aanleiding van die spesifieke skool se besorgdheid oor bekommernisse wat tydens hierdie ouderdomsfase mag voorkom. Dit was vir die skool belangrik dat ouers en onderwysers bewus gemaak word van hierdie bekommernisse en die hantering daarvan, om sodoende die kinders te ondersteun om bekommernisse beter te kan hanteer.

Aan die hand van bogenoemde bespreking en die probleem wat vir die doel van hierdie studie geïdentifiseer is, is die volgende twee navorsingsvrae gestel:

- *Wat is laerskoolleerders in 'n spesifieke skool in die Helderberg-kom se alledaagse bekommernisse?*
- *Hoe hanteer laerskoolleerders hierdie alledaagse bekommernisse?*

3. DOEL VAN STUDIE

Die doel van die studie is tweeledig, naamlik:

- Om te bepaal wat laerskoolleerders in 'n spesifieke skool in die Helderberg-kom se alledaagse bekommernisse is.
- Om te bepaal hoe laerskoolleerders hierdie alledaagse bekommernisse hanteer.

4. UITEENSETTING VAN STUDIE

Die verskeie afdelings van die navorsingsverslag word vervolgens uiteengesit:

Afdeling 1 dien as inleiding tot die studie en omvat die rasionaal en literatuur-oorsig asook die doel en uiteensetting van die studie.

Afdeling 2 behels 'n artikel waarin die resultate van die empiriese studie weergegee word. Hierdie artikel is aan die hand van die riglyne van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* geskryf.

In Afdeling 3 word 'n kritiese refleksie oor die studie gegee en die bydrae wat dit gelewer het word bespreek.

Die volgende bylaes is ook aangeheg:

Bylae A: Toestemming van onderwysdepartement

Bylae B: Toestemming vir deelname aan navorsing

Bylae C: Onderhoudskedule vir semi-gestruktureerde onderhoude

Bylae D: Transkripsie van 'n individuele onderhoud

Bylae E: Data-Analise: Temas, subtemas en aanhalings

Bylae F: Riglyne vir artikel.

BRONNELYS

Aldridge, J. 2010. Contemporary fears of children and adolescents: coping and resiliency in the 21st century. *Childhood Education. ProQuest Education Journals: 86(5):346.*

<http://0-proquest.umi.com.oasis.unisa.ac.za/pqdweb?index=10&did=2093722061&SrchMode=2&sid=4&Fmt=6&VInst=PROD&VType=PQD&RQT=309&VName=PQD&TS=1281114977&clientId=27625>. Datum van gebruik: 15 September 2010.

Armstrong, T. 2008. *The human odyssey, navigating the twelve stages of life.* Sterling.

http://www.thehumanodyssey.com/06_late_childhood_ages_1012/. Datum van gebruik: 8 Julie 2011.

Bentham, S. 2004. *A teaching assistant's guide to child development and psychology in the classroom.* NY: Routledge Falmer.

Burkhardt, I.K.E. 2007. *An assessment instrument for fear in middle childhood South African children.* Stellenbosch: University of Stellenbosch. (Thesis-PhD).

Burnham, J.J. & Lomax, R.G. 2009. Research: examining Race-Ethnicity and fears of Children and Adolescents in the United States: Differences between White, African American, and Hispanic Populations. *Journal of Counseling & Development, 87:387-393.*

Charlesworth, L., Wood, J. & Viggiani, P. 2007. Chapter 5: Middle Childhood. Sage Publications.

http://www.sagepub.com/upm-data/16297_Chapter_5.pdf. Datum van gebruik: 15 September 2012.

Cherry, K. 2012. *Erikson's theory of psychosocial development: psychosocial development in infancy and early childhood.* The New York Times Company.

<http://psychology.about.com/od/psychosocialtheories/a/psychosocial.htm>. Datum van gebruik: 26 Mei 2012.

Creswell, C. & Willetts, L. 2007. *Overcoming your Child's Fears & Worries*. London: Constable & Robinson.

<http://0web.ebscohost.com.oasis.unisa.ac.za/ehost/pdfviewer/pdfviewer?vid=6&hid=106&sid=66e8ab06-3e1f-4e9b-8dfb-080c37bbfbf6%40sessionmgr111>. Datum van gebruik: 13 September 2010.

D'Amico, D. & Barbarito, C. 2010. *Pearson: Health & Physical assessment in nursing*. Pearson Education Inc.

http://wps.prenhall.com/chet_damico_healthand_1/43/11164/2858232.cw/index.html. Datum van gebruik: 6 Oktober 2011.

Davey, G. & Wells, J. 2006. *Worry and its Psychological Disorders: Theory, Assessment and Treatment*. UK: John Wiley & Sons, Inc.

DeGeorge, J. 2011. *Plenty to worry about: children and stress*. US Department of Education.

<http://www.dcmp.org/caai/nadh257.pdf>. Datum van gebruik: 26 Mei 2012.

Dowling, M. 2005. *Young children's personal, social and emotional development*. 2nd ed. London: Paul Chapman Publishing.

Faust, D.G. 2011. *Persistent Fear and Anxiety Can Affect Young Children's Learning and Development*. Cambridge: Centre of the developing child, Harvard University.

<http://developingchild.harvard.edu/>. Datum van gebruik: 4 September 2011.

Field, A.P. & Davey, G.C.L. 2001. *Conditioning models of childhood anxiety*. (In Silverman, W.K. & Treffers, P.D.A. eds. *Anxiety disorders in children and adolescents - Research, assessment and intervention*. UK: Cambridge University Press. p.187-190).

Fink, G. 2010. *Stress Science: Neuroendocrinology*. Elsevier: Academic Press.

Flander, G.B. 2011. *Stress in Childhood*. Child protection of Zagreb. Croatia.

<http://www.poliklinika-djeca.hr/english/contact/>. Datum van gebruik: 27 Mei 2012.

Folk, J. 2011. Anxiety Centre.com: Freedom, Confidence, Success.

<http://www.anxietycentre.com/anxiety-symptoms.shtml>. Datum van gebruik: 4 September 2011.

Freeman, B. 2011. Child development Resources for Parents and Teachers: the Middle Schooler. South Carolina Department of Mental Health - Division of Children, Adolescents, and their Families.

http://www.state.sc.us/dmh/schoolbased/school_resources.htm#school9. Datum van gebruik: 10 Januarie 2012.

Freeston, M.H., Dugas, M.J. & Ladoucer, R. 1996. Thoughts, images, worry and anxiety. *Cognitive therapy and research*, 20(3):265-273.

Geddes & Grosset. 1999. The new choice English dictionary. UK: Peter Haddock Publishing.

Goodman, R.F. 2001. Bullies: more than sticks, stones & namecalling. [http://www.aboutourkids.org/articles/bullies more sticks stones name calling](http://www.aboutourkids.org/articles/bullies_more_sticks_stones_name_calling).

Datum van gebruik: 6 Mei 2012.

Gottlieb, D. & Bronstein, P. 1996. Parents' Perceptions of Children's Worries in a Changing World. *The Journal of Genetic Psychology*, 157(1):104-118.

Gray, J.A. 1987. Problems in the behavioural sciences: the psychology of fear and stress, 2nd ed. Cambridge: Cambridge University Press.

Grills, A.E. & Ollendick, T.H. 2002. Peer Victimization, Global self-worth, and Anxiety in Middle School Children. *Journal of Clinical Child and Adolescent Psychology*, 31(1):59-68.

Hartley, C.G. 2008. Anxiety symptoms in South African youths: their assessment and relationship with stressful life events. Stellenbosch: University of Stellenbosch. (Thesis-MA).

Henker, B., Whalen, C.K. & O'Neil, R. 1995. Wordly and workaday worries: contemporary concerns of children and young adolescents. *Journal of Abnormal Child Psychology*, 23:687-703.

Hillegass, C.K. 2011. Cliff's notes: physical development ages. Wiley Publishing.
[//www.cliffsnotes.com/study_guide/Physical-Development-Age-711.topicArticleId-26831,articleId-26781.html](http://www.cliffsnotes.com/study_guide/Physical-Development-Age-711.topicArticleId-26831,articleId-26781.html). Datum van gebruik: 8 Julie 2011.

Jacobs, L.J. & Vrey, J.D. 1982. Selfkonsep, Diagnose en Terapie: 'n Opvoedkundige Sielkundige benadering. Pretoria: Academia.

Jewett, J. & Peterson, K. 2002. Stress and young children. At health Inc. ERIC/EECE Digests.
<http://www.athealth.com/consumer/disorders/childstress.html>. Datum van gebruik: 26 Mei 2012.

Kagan, J. & Gall, S.B. 2011. The Gale Encyclopedia of Childhood & Adolescence: child development. Stanford: Children's Corporation 2011.
<http://www.answers.com/topic/child-development>. Datum van gebruik: 10 Augustus 2011.

Kaneshiro, N.K. 2001. Stress in Childhood: overview. University of Maryland Medical Centre.
<http://www.umm.edu/ency/article/002059.htm>. Datum van gebruik: 22 Januarie 2012.

King, N.J., Muris, P. & Ollendick, T.H. 2005. Childhood Fears and Phobias: Assessment and Treatment. USA: Association for Child and Adolescent Mental Health, Blackwell Publishing.

Last, C.G. 2006. Help for worried kids: how your child can conquer anxiety and fear: NY: Guilford Press.

Louw, D. & Louw, A. 2007. Child and adolescent development. Bloemfontein: Psychology Publications.

Mairs, J. 2011. Merriam-Webster, Learner's Dictionary. Merriam-Webster Incorporated.

[http://www.learnersdictionary.com/search/worry\[1\]](http://www.learnersdictionary.com/search/worry[1]). Datum van gebruik: 15 Februarie 2011.

Mosby. 2009. Mosby's Medical Dictionary, 8th ed. Elsevier: The American Heritage Medical Dictionary Copyright, Houghton Mifflin Company.

Muris, P. 2007. Normal and abnormal fear and anxiety in children and adolescents: 1-29. Elsevier, NY.

Muris, P., Merckelbach, H., Gadet, B. & Moolaert, V. 2000. Fears, worries and scary dreams in 4- to 12-Year-Old Children. *Journal of Clinical Child Psychology*, 29(1):43-52. Lawrence Erlbaum Associates, Inc.

Nelson, R. 2012. Erikson's Psychosocial stages of development: Resources for students and professionals.

<http://www.psychpage.com/learning/library/person/erikson.html>. Datum van gebruik: 27 Mei 2012.

Oesterreich, L. 2003. Understanding Children: fears. *University Extension: Family life*: 8. November 2003. IOWA: IOWA State University.

Oswalt, A. 2008. Child Development Theory: middle Childhood.

http://www.mentalhelp.net/poc/view_doc.php?type=doc&id=37674&cn=1272. Datum van gebruik: 16 April 2012.

Papalia, D.E, Olds, S.W. & Feldman, R.D. 2002. A Child's World: infancy through adolescence, 9th ed. USA: McGraw Hill.

Perold, M.D. 2001. The prevalence of anxiety in a group of 7-13 year old learners in the Western Cape. University of Stellenbosch. (Thesis-MA).

Pienaar, F. 2010. Children and stress: Educational Review. New Zealand.
<http://www.educationreview.co.nz/pages/section/article.php?s=Postgrad+Schools+of+Education&idArticle=19317>. Datum van gebruik: 28 Mei 2012.

Prins, M. 2001. Affective and cognitive processes and the development and maintenance of anxiety and its disorders (*In* Treffers, P.D.A. & Silverman, W.K. eds. Anxiety disorders in children and adolescents: research, assessment and intervention. Cambridge: Cambridge University Press. p23-187).

Rank, J. Encyclopaedia of Children's Health. 2012. Fear.
<http://www.healthofchildren.com/E-F/Fear.html>. Datum van gebruik: 27 Mei 2012.

Reasoner, R.W. & Dusa, G.S. 1991. Building Self-Esteem in the Secondary School: Teachers' Manual and Instructional Materials. USA: Consulting Psychologists Press, Inc.

Ryan, K.O. 2008. Middle Childhood:1. Learning Seed. Chicago.

Schonert-Reichl, K.A., Guhn, M., Hymel, S., Hertzman, C., Sweiss, L., Gadermann, A., Marriott, D., Burroughs, B., Calbick, J., Oberle, E., Smith, A., Pedrini, L. & Harvey, J. 2010. Our children's voices: the middle years development instrument. Measuring the developmental health and well-being of children in middle childhood: Vancouver MDI.

Smith, S.L., Pieper, K.M. & Moyer-Guse, E.J. 2008. News, reality shows, and children's fears (*In* Calvert, S.L. & Wilson, B.J. eds. The handbook of children, media, and development. Handbooks in communication and media. UK: Blackwell Publishing. p.218-229).

Szabo, M. & Lovibond, P.F. 2002. The cognitive content of naturally occurring worry episodes. *Cognitive therapy and research*, 26(2):167-177.

Tennant, V. 2005. The Powerful Impact of Stress and Calm on Health, Behavior and Learning. New Horizons for learning. September 2009.

<http://www.newhorizons.org/spneeds/inclusion/teaching/tennant.htm>. Datum van gebruik: 4 Augustus 2010.

Tomb, M. & Hunter, L. 2004. Prevention of Anxiety in Children and Adolescents in a School Setting: the Role of School-Based Practitioners. *Children and Schools*, 26(2):87-100.

Vasey, M.W., Crnic, K.A. & Carter, W.G. 1994. Worry in childhood: a developmental perspective. *Cognitive therapy and research*, 18(6):529-530.

Wait, J., Meyer, J.C. & Loxton, H.S. 2004. Menslike Ontwikkeling: 'n Psigososiale Perspektief. Parow-Oos: Ebony Books.

Zembar, M.J. & Blume, L.B. 2009. Middle childhood development: a contextual approach. USA: Pearson.

AFDELING 2

ARTIKEL

DIE HANTERING VAN ALLEDAAGSE BEKOMMERNISSE DEUR LAERSKOOLLEERDERS IN DIE HELDERBERG-KOM

Renée Jansen van Vuuren

Carlien van Wyk

Werner de Klerk

Noord-Wes Universiteit, Potchefstroom

Opsomming

In hierdie studie is alledaagse bekommernisse en die hantering daarvan deur laerskoolleerders in die Helderberg-kom verken en beskryf deur die benutting van 'n beskrywende, kwalitatiewe navorsingsontwerp. Dertig laerskoolleerders in die laat middelkinderjare (tien tot elf jaar) is in 'n spesifieke skool in die Helderberg-kom deur 'n eenvoudige ewekansige steekproef geselekteer. Data is ingesamel deur semi-gestruktureerde, een-tot-een onderhoude te voer. Die analisering van data is volgens Braun en Clarke se metode van tematiese analise gedoen. Gevolglik is temas en subtemas geïdentifiseer, en resultate is met literatuur geverifieer.

Die resultate van die studie dui daarop dat bekommernisse op intra- en interpersoonlike vlak ervaar en hanteer word. Op intrapersoonlike vlak is een bekommernis geïdentifiseer, naamlik oor emosies wat ervaar word. Hantering op hierdie vlak geskied deurdat deelnemers verkies om alleen te wees, probeer nie aan

bekommernisse dink nie, huil, skryf of teken in dagboek, deur gebed, eet of slaap. Op interpersoonlike vlak is bekommernisse rakende die skool, familie, vriende en verlies geïdentifiseer. Hantering op hierdie vlak geskied deur tyd te spandeer met 'n familielid, vriende, die media, troeteldiere, of deur vir ondersteuning by die skool te vra.

Aanbevelings is gemaak vir ouers en onderwysers om kinders aan te moedig om oor bekommernisse te gesels, asook om te kan help om geskikte wyses van hantering te bespreek en te beoefen. Ouers en onderwysers moet bewus gemaak word van kinders se bekommernisse en hoe dit hanteer word, sodat kinders beter ondersteun en bygestaan kan word.

Sleuteltermes: *Alledaagse bekommernisse, psigososiale ontwikkeling, hantering, laerskoolleerders, laat middelkinderjare, beskrywende kwalitatiewe navorsingsontwerp, intrapersoonlik, interpersoonlik, bewustheid, ondersteuning*

THE HANDLING OF EVERYDAY WORRIES BY PRIMARY SCHOOL LEARNERS IN THE HELDERBERG AREA

Summary

In this study everyday worries and the handling thereof by primary school learners in the Helderberg area were explored and described through the use of a descriptive, qualitative research design. Worries are part of most children's everyday development, and can influence the children's functioning and development if they are not supported properly. It is important that parents and teachers should be aware of this, so that they can help children to handle their worries effectively. The goal of this study was: to determine the everyday worries of primary school learners in a specific school in the Helderberg area, as well as to determine how these primary school learners handle their everyday worries. This data will be used to help parents and teachers cultivate awareness so that children can be better supported in handling their worries.

Thirty primary school learners in late middle childhood (ten to eleven years old) in a specific school in the Helderberg area were selected by a simple random sample. Through the use of semi-structured one-on-one interviews data was obtained until saturation of data occurred. Data was analysed through the use of Braun and Clarke's thematic analysing method, and themes and subthemes were identified. The results of the study were verified with literature. The results showed that all participants experience everyday worries, and that all the participants have different ways to handle these worries.

The two research questions, namely (1) *What are the everyday worries of primary school learners in a specific school in the Helderberg area?* and (2) *How do primary school learners handle these everyday worries?* were used to identify the themes and subthemes from the data from the interviews. Worries and the ways of handling worries were divided into two categories: on intrapersonal level (focussing on personal thoughts, reflections, beliefs and values about the self), and interpersonal level (interaction between individuals, including relationships, groups or the public). On intrapersonal level only one theme was identified: worries about emotions that are experienced. The subthemes under this theme were: *sadness and anger*, as well as *an unsure feeling*. The ways of handling worries on intrapersonal level were: participants preferring to be alone, trying not to think about worries, crying, writing or drawing in a diary, through praying, eating or sleeping. On interpersonal level worries were identified about school, with the subthemes: *strict teachers and punishment that can follow* as well as *possible low achievement*. Family was another worry on the interpersonal level, with the subthemes: *conflict in the family*, *safety in the family*, *finance and unemployment in the family* as well as *the consequences of divorce*. Friends were another interpersonal level worry, with the subthemes: *conflict with friends*, *acceptance of peer group* as well as *bullying behaviour*. The last worry identified on the interpersonal level was: loss, with the subthemes: *the death of self or family*, as well as *the death of a loved pet*. Ways of handling worries on this level were to spend time with a family member, friends, the media, pets, or to ask for support from the school. Themes were divided into subthemes as mentioned above, and supported with appropriate quotes from the interviews as well as controlled with literature.

Recommendations were made for parents and teachers to encourage children to talk about their worries, and to be able to support children in finding effective ways in which to handle their worries by discussing and practising these methods. Emotional support as well as academic support should also be available in the school to learners who could benefit from this. Children should also be helped and supported with effective ways of handling conflict, communicating and handling emotions. Parents and teachers should be made aware of children's worries and how they handle them, so that this specific age group of children can be better supported and assisted.

Key terms: *Everyday worries, psychosocial development, coping, primary school learners, late middle childhood, descriptive qualitative research design, intrapersonal, interpersonal, awareness, support*

1. INLEIDING

Bekommernisse is deel van die meeste kinders se alledaagse ontwikkeling (Field & Davey 2001:187; Muris 2007:1). Dit word omskryf as onbeheerbare, onwillige kognitiewe aktiwiteite wat met negatiewe denke asook emosionele of fisiese ongemak geassosieer word (Davey & Wells 2006:379; Grieve & Van Deventer 2005:330). Davey en Wells (2006:379) definieer bekommernisse verder as om na te dink oor probleme, om senuweeagtig te voel oor iets wat gebeur het of moontlik kan gebeur. Alledaagse bekommernisse word nie as abnormaal beskou nie, is 'n gesonde respons tot bedreigende omstandighede, en kan ontwikkeling en funksionering beïnvloed (Aldridge 2010:346; Burkhart 2007:iii). Dit duur gewoonlik nie lank nie, wat kan lei tot die foutiewe gevolgtrekking dat dit nie ernstig is nie (Burnham & Lomax 2009:388; Muris 2007:13). Volgens Aldridge (2010:346) is ouers en onderwysers dikwels nie bewus van kinderbekommernisse en hoe hulle dit hanteer nie. Dit word min na professionele persone verwys, behalwe in ernstige gevalle. Groter bewustheid hieroor is dus nodig.

2. LAERSKOOLEERDERS EN ALLEDAAGSE BEKOMMERNISSE

Die fokus in hierdie studie is op laerskoolleerders in die laat middelkinderjare, wat volgens Armstrong (2008:1) en Hillegass (2011:1) tussen tien en elf jaar oud is. Tydens hierdie fase is kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsep-ontwikkeling belangrik (Charlesworth, Wood & Viggiani 2007:175; Louw & Louw 2007:214). Volgens Armstrong (2008:1) en Hillegass (2011:1) ervaar kinders meer bekommernisse in hierdie fase aangesien hulle emosies en gedagtes meer akkuraat ervaar, wys, hanteer en kommunikeer. Hul redenering behels beter bewustheid van

hulself en die wêreld om hulle, is meer reflekerend en minder egosentries. Hierdie ontwikkeling is krities vir gesondheid, aanpassing en sukses in latere ontwikkelingsfases, en help met identiteitsvorming. Verskeie outeurs (Charlesworth *et al.* 2007:175; Schonert-Reichl, Guhn, Hymel, Hertzman, Sweiss, Gadermann, Marriott, Burroughs, Oberle, Smith, Perdrini & Harvey 2010:1) beskou hierdie fase as belangrik vir die vermyding van toekomstige probleme. Die aanspreek van bekommernisse in hierdie fase is dus belangrik.

Volgens Erikson se psigososiale teorie van ontwikkeling is die bemeestering van ywerigheid en bekwaamheid teenoor minderwaardigheid belangrik in die middelkinderjare. Die verstaan van bekommernisse in hierdie konteks is belangrik. Verskeie outeurs (Cherry, 2012:1; Nelson, 2012:1) meen dat kinders in hierdie fase 'n sin van trots op hul prestasies en vermoëns ontwikkel en ander probeer tevrede stel. Indien hulle aanmoediging ervaar sal hulle 'n gevoel van bemeestering ontwikkel, wat kan lei tot selfvertroue en geloof in hulself. Volgens bogenoemde outeurs kan kinders egter bekommerd, hulpeloos en minderwaardig voel in 'n poging om bekwaamheid te bemeester, wat lae selfvertroue kan veroorsaak.

Verskeie outeurs (Charlesworth *et al.* 2007:175; Wait, Meyer & Loxton 2004:144,145) meen dat bemeestering ten opsigte van vriendskap, vaardighede en spanspel belangrik is. Om bekwaamheid te ervaar moet kinders van dié ouderdom aanpas by skool, sosiale verwagtinge, opinies kan uitdruk, selfvertroue ontwikkel en sosiale verhoudings handhaaf. Indien kinders nie portuurgroep-verhoudings ontwikkel, reëls kan volg en akademies presteer nie, kan hulle in hulself begin twyfel en bekommernisse ervaar.

Laerskoolleerders moet gehelp word om alledaagse bekommernisse te hanteer, ten einde nie hulpeloos en magteloos te voel oor hul lewensomstandighede nie (Jacobs & Vrey 1982:43). Kinders kan alledaagse bedreigings meer ernstig evalueer as wat dit werklik is (D'amico & Barbarito 2010:1). Hieruit blyk dit dat psigososiale ontwikkeling beïnvloed kan word deur bekommernisse (D'amico & Barbarito 2010:1; Geddes & Grosset 1999:133,137), wat kan lei tot swak probleemoplossing, afhanklikheid, aggressiewe gevoelens en lae self-konsep (Dowling 2005:1; Grills & Ollendick 2002:59-60).

Vorige studies (Goodman, 2001:1) wys dat ouers kinderbekommernisse onderskat. Oerbewusmaking hieroor is belangrik aangesien dit kinders se funksionering kan beïnvloed (Goodman 2001:1; Pienaar 2010:1). Skole behoort op kinders se sosiale en lewensvaardighede te fokus, asook die herkenning van bekommernisse en probleme sodat kinders in gesonde volwassenes kan ontwikkel (Freeman 2011:1; Kagan & Gall 2011:1). Min onlangse studies oor bekommernisse en die hantering daarvan is onderneem (Burnham & Lomax 2009:388; Muris 2007:13), veral in Suid-Afrika (Hartley 2008:70; Perold 2001:105). Min literatuur is beskikbaar oor die hantering van bekommernisse by laerskoolleerders. Die navorser wil poog om deur hierdie studie 'n bydrae te maak in hierdie verband. Met die nodige bewustheid sal ouers en onderwysers laerskoolleerders beter kan ondersteun met die hantering van hul bekommernisse.

In die lig van bogenoemde probleemstelling, is die volgende navorsingsvrae gestel:

- Wat is laerskoolleerders in 'n spesifieke skool in die Helderberg-kom se alledaagse bekommernisse?
- Hoe hanteer laerskoolleerders hierdie alledaagse bekommernisse?

3. NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.1 Navorsingsontwerp

'n Beskrywende, kwalitatiewe navorsingsontwerp (Sandelowski 2010:78) is gebruik ten einde laerskoolleerders se alledaagse bekommernisse en hul hantering daarvan te verken. Botma, Greeff en Mulaudzi (2010:194) meen dat navorsers wat beskrywende, kwalitatiewe ontwerpe gebruik verkies om data nie te interpreteer nie, maar 'n omvattende opsomming van die verskynsel in die alledaagse lewe te gee.

3.2 Deelnemers

Die populasie vir die studie is laerskoolleerders in hul laat middelkinderjare (tien tot elf jaar), in 'n spesifieke skool in die Helderberg-kom. 'n Eenvoudige ewekansige steekproef (Mugo 2008:1; Strydom 2011:228) is benut waar elke kind wat aan die kriteria vir die steekproefneming voldoen, dieselfde kans gehad het om geselekteer te word. Dertig deelnemers tussen die ouderdom van tien en elf is vanuit twee grade (ongeveer 180 kinders) geselekteer, deur elke vyfde kind op die klaslys by die studie te betrek.

3.3 Etiese aspekte

Etiese klaring is van die Noordwes-Universiteit (NWU-00060-12-A1) verkry vir die uitvoer van die studie. Ingeligte toestemming is van die onderwysdepartement (Bylae A), skool en ouers (Bylae B) verkry. Deelnemers is geselekteer en toestemmingsvorme is aan ouers gestuur waarin die studie verduidelik is. Slegs

vrywillige deelnemers met ouertoestemming (Boden 2012:1) is betrek. Instemming is van deelnemers verkry vir deelname aan die studie asook die opnames van onderhoude. Deelnemers is verseker van hul reg tot privaatheid en vertroulikheid, daar is gepoog om hulle nie te mislei nie en in hul beste belang op te tree (Fritz 2008:5,6; Strydom 2011:115-125). Indien dit sou blyk dat enige deelnemers verdere ondersteuning na die onderhoud benodig, sou hulle na 'n geregistreerde berader by die skool verwys word. Geen deelnemers is verwys nie. Al die digitale opgeneemde onderhoude, veldnotas en transkripsies sal vir vyf jaar veilig bewaar word deur die Noordwes-Universiteit.

3.4 Data-insameling

Semi-gestruktureerde, een-tot-een onderhoude is vir data-insameling benut. 'n Onderhoudskedule (Greeff 2011:352) is na aanleiding van 'n literatuurstudie ontwikkel en geklankbord met 'n professionele persoon. Hierna is dit in 'n loodsstudie met twee deelnemers (wat aan dieselfde kriteria voldoen as die steekproef) getoets en aangepas. Vervolgens is semi-gestruktureerde onderhoude gevoer om die twee navorsingsvrae te verken. Hierdie tipe onderhoude verskaf 'n gedetailleerde beeld van deelnemers se ervaring (Flick 2007:3; Greeff 2011:351-353). Onderhoude is in 'n vertrek sonder enige steurings by die skool gevoer, was gemiddeld 30 minute lank en in kinders se moedertaal (Afrikaans of Engels) afgeneem. Daar is deurentyd verseker dat deelnemers die ouderdomstoepaslike en kindervriendelik geformuleerde vrae verstaan. 'n Digitale stemopnemer en veldnotas is gebruik as hulpmiddels tydens die onderhoude vir die effektiewe opname van inligting. Soos Strydom (2011:115) aanbeveel, is 'n geleentheid vir ontlading geskep

na elke onderhoud deurdat die navorser met deelnemers oor hul ervarings van die onderhoude gesels het.

3.5 Data-analise

Transkripsies van onderhoude en veldnotas is deeglik bestudeer waarna Braun en Clarke (2006:79,82) se metode van tematiese analise benut is vir data-analise. Hiervolgens is belangrike inligting oor die navorsingsvraag geïdentifiseer, data is verminder, georganiseer en beskryf. Geïdentifiseerde temas en subtemas is deur 'n eksterne persoon, 'n sielkundige wat in praktyk met hierdie ouderdom kinders en bekommernisse werk, gekontroleer om bruikbaarheid en vertrouenswaardigheid te verseker (Braun & Clarke 2006: 62,79; Fouché & De Vos 2011: 410).

3.6 Vertrouenswaardigheid

Die vertrouenswaardigheidstrategie wat in hierdie studie benut is berus op Lincoln en Guba (in Schurink, Fouché & De Vos, 2011:415) se vier konstrakte wat vertrouenswaardigheid verseker, naamlik: geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, vertroubaarheid en bevestigbaarheid (Botma *et al.* 2010:233; Lincoln & Guba 1985:290).

Geloofwaardigheid is verseker deur die navorsingsprobleem duidelik af te baken en fokus regdeur die studie te behou. Hierdeur is gepoog om deelnemers se perspektiewe so duidelik moontlik weer te gee. Gereelde refleksie deur die navorser asook eksterne kontrolering van temas het verder hiertoe bygedra.

Oordraagbaarheid is verseker deur gebruik te maak van steekproefneming met duidelike kriteria, en versterk deur die akkurate beskrywing van die navorsingsproses en versadiging in data-insameling. Die resultate van hierdie studie kan egter nie na 'n ander konteks oorgedra word nie. *Vertroubaarheid* is verseker deur die navorsingsproses goed te dokumenteer deur die benutting van refleksies en veldnotas. 'n Deeglike beskrywing van data-insameling en herkodering van data deur 'n professionele persoon het verder hiertoe bygedra. *Bevestigbaarheid* verwys na die objektiwiteit en neutraliteit van data. Data is deurlopend gekontroleer en nagegaan om te verseker dat deelnemers se ervarings weerspieël word.

4. RESULTATE

Die resultate word vervolgens in Tabel 1 weergegee waarna dit aan die hand van aanhalings uit die onderhoude bespreek en met literatuur gekontroleer word. Die resultate word in twee afdelings aangebied, naamlik op intrapersonlike en interpersoonlike vlak. Intrapersoonlik verwys volgens Smith (2008:1) en Smith (2013:36-39) na 'n individu wat nadink of reflekteer oor iets, of situasies analiseer. Dit behels verder die wyse waarop 'n individu homself sien, waarin hy glo, sy waardes en houdings asook die persepsies wat hy oor homself het. Op interpersoonlike vlak is interaksie tussen individue ter sprake. Dit sluit verhoudings tussen 'n individu en 'n ander individu, groep of die publiek in. Verder behels dit kommunikasie met familie, die skool, media of tegnologie.

TABEL 1: Resultate van studie

Intrapersoonlik			
	Temas	Subtemas	
Alledaagse bekommernisse	Bekommernisse oor emosies wat ervaar word	Hartseer en woede	
		Gevoel van onsekerheid	
Hantering van bekommernisse	Verkies om alleen te wees		
	Probeer nie aan bekommernisse dink nie		
	Huil		
	Skryf of teken in dagboek		
	Gebed		
	Eet		
	Slaap		
Interpersoonlik			
	Temas	Subtemas	
Alledaagse bekommernisse	Bekommernisse oor skool	Kwaai onderwysers en straf wat kan volg	
		Moontlike swak prestasie	
	Bekommernisse oor gesin	Konflik in die gesin	
		Veiligheid van gesin	
		Finansies en werkloosheid in die gesin	
		Die gevolge van egskeiding	
	Bekommernisse oor vriende	Konflik met maats	Aanvaarding van portuurgroep
			Boelie-gedrag
			Die dood van self of familie
	Bekommernisse oor verlies	Die dood van 'n geliefde troeteldier	Die dood van 'n geliefde troeteldier
	Hantering van bekommernisse	Bestee tyd met 'n familielid	
		Bestee tyd met vriende	
		Bestee tyd met media	
Bestee tyd met troeteldiere			
Vra vir ondersteuning by die skool			

4.1 Intrapersoonlike vlak

In hierdie afdeling word daar verwys na alledaagse bekommernisse wat in die individu (laerskoolleerder) gesetel is, en die hantering daarvan.

4.1.1 Alledaagse bekommernisse

(i) *Bekommernisse oor emosies wat ervaar word*

Hartseer en woede

Emosies soos hartseer en woede maak deelnemers bekommerd. Huil is 'n algemene wyse waarop deelnemers uiting aan emosies gee. Dit veroorsaak soms ongemak by deelnemers: "Ek huil ook so maklik... ek wil nie huil nie, ... ek kan nie ophou nie. Ek wil nie vir almal wys ek huil nie." Dit stem ooreen met Woolfson (2007:76) se mening dat hartseer wees of huil kinders bekommerd kan laat voel. 'n Algemene reaksie van deelnemers op huil, is om emosies weg te steek. Wanneer emosies gereeld weggesteek word kan dit, volgens die Royal College of Psychiatrists (2012:1), kinders se daaglikse lewe affekteer.

Woede is 'n emosie wat verwarring by deelnemers skep aangesien hulle nie die emosie verstaan nie en dikwels hartseer raak wanneer hulle woede ervaar. Marion (2013:1) asook Lewis en Michalson (1983:1) bevestig hierdie stelling. Een deelnemer vertel: "Dis nie lekker nie. Partykeer gooi ek goeters, want ek raak baie kwaad. En ek huil maklik... net as ek kwaad is, dan huil ek maklik... dit pla my altyd." Kinders se vermoëns om op woede te reflekteer is nog nie ontwikkel nie, en leiding

is nodig van ouers en onderwysers om kinders te help om hul emosies rondom woede te verstaan en te beheer (Marion 2013:1).

Gevoel van onsekerheid

'n Paar deelnemers het gemeld dat hulle bekommerd voel wanneer niemand met hulle praat nie, en dan onseker begin voel. Bierman, Dodge, Greenberg, Lochman, McMahon en Pinderhughes (2011:1) bevestig hierdie resultaat en voeg by dat kinders onseker kan voel wanneer hulle self en/of hul ouers hul emosies nie verstaan nie. Opmerkings deur deelnemers hieroor dui ook daarop dat dit hulle onsigbaar of soos 'n spook laat voel: "Dit voel of ek onsigbaar is soms... Ek voel soos dit... van skree, baklei en ek word bekommerd en ek word bang partykeer... asof niemand my behandel... die manier wat hulle gewoonlik altyd sou nie...". Sandas en Siegel (2008:33-35) bevestig dat onsekerheid kinders bekommerd kan laat voel.

4.1.2 Hantering van bekommernisse

(i) Verkies om alleen te wees

Deelnemers verkies soms om alleen te wees wanneer hul bekommerd voel, eerder as om saam met ander mense te wees:

"Ek sal as ek by die huis aankom... sonder om vir my ma hallo te sê, sal ek in die kamer gaan en my deur toemaak. Ek wil alleen wees."

"Ek kies om bietjie alleen in my kamer te bly."

Allen (2012:1) en Neill (2008:1) bevestig dat dit 'n algemene emosionele optrede van 'n bekommerde kind is om onwillig te wees om deel te neem aan familie- of skoolaktiwiteite, omdat hulle bang, hartseer of ongelukkig voel en verkies om alleen te wees. So 'n kind kan homself onttrek of ophou kommunikeer. Volgens Paquette en Ryan (2011:1-2) kan alleentyd eerder as kommunikasie en spel kinderontwikkeling negatief beïnvloed.

(ii) Probeer nie aan bekommernisse dink nie

Deelnemers hanteer bekommernisse deur te probeer om nie daaraan te dink nie. Sport of lees word byvoorbeeld hiervoor benut. Deelnemers het genoem:

“Ek sal gewoonlik gaan swem, omdat dit my gedagtes van my bekommernisse af kry.”

“Ek wil nie oor hartseer goed of iets wat pla dink nie. Ek probeer nie daaraan dink nie.”

“Ek het al myself probeer help om nie daaraan te dink nie. En om te vergeet van dit en skryf dit in 'n boek. Ek lees, of ek dink aan iets anderster.”

McLeod (2011:1) bevestig dat dit kan help om nie aan bekommernisse te dink nie. Sodoende kan persone ontspan, asemhaal en kalmeer voordat bekommernisse hanteer word.

(iii) Huil

Navorsing (Bylsma, Croon, Vingerhoets & Rottenberg 2001:385) dui aan dat huil 'n positiewe gevoel as uitkoms kan hê. In hierdie studie help dit deelnemers beter voel oor bekommernisse en om van emosies ontslae te raak of daardeur te werk:

“Ek huil partykeer en dan bly ek in die kamer vir die aand.”

“Dan [tydens bekommernis] huil ek bietjie, dan voel ek bietjie beter.”

“Ek huil net en kom dan oor dit.”

Dobson (2008:1) meen dat huil nege uit tien kinders beter kan laat voel, stres verminder en fisies gesond help hou. Kinders in die laerskooljare leer nog die effektiewe hantering van emosies (McGraw & Hill 2012:354). Om te huil is een wyse waarop dit geskied. Bogenoemde outeurs bevestig dus die resultate in hierdie verband.

(iv) Skryf of teken in dagboek

Om te skryf of teken in 'n dagboek is 'n verdere wyse waarop deelnemers bekommernisse hanteer:

“Die enigste een wat ek mee gesels is my diary. Wat het gebeur en alles... Ek skryf dit, dan voel ek 'n bietjie beter omdat ek dit dan vir iemand vertel het.”

“Ek sal prente teken...ek skryf goeters.”

Deelnemers kan op hierdie wyse tydelik van hul bekommernisse vergeet: “...om te vergeet van dit en skryf dit in 'n boek.” Brouse (2009:1) en Lieberman (2007:1)

bevestig die resultate hieromtrent, dat 'n dagboek die geleentheid bied om gedagtes en emosies op nie-bedreigende maniere uit te druk en te help organiseer.

(v) Gebed

'n Algemene wyse van hantering is om te bid oor bekommernisse wat ervaar word. 'n Deelnemer meld: "As jy bid oor iets, laat dit vir jou bietjie beter voel...". Peach (2012:1) bevestig dat baie jongmense bid wanneer hul bekommerd voel. Studies in hierdie verband het bewys dat 62% van jongmense elke dag bid. Deelnemers bid oor verskeie aspekte:

"Ek bid vir my vriendin, dit laat my bietjie beter voel."

"Ek bid wanneer ek hom [hond] mis."

Soos deur Fairchild (2012:1) beskryf, help gebed kinders kalmeer, oor bekommernisse nadink, emosies beheer, en sodoende krag ontvang om bekommernisse te hanteer.

(vi) Eet

Eet word somtyds deur deelnemers benut om bekommernisse te hanteer en lei daartoe dat hulle beter voel:

"My ma sal...vir my 'n milkshake of roomys gaan koop, dan sal ek baie beter daaroor [‘n bekommernis] voel."

"Gewoonlik werk dit [as hy bekommerd voel] as my pa vir my 'n roomys koop, 'n large roomys."

Stehl (2010:1) bevestig dat kinders baie maal eet wanneer hul gespanne, bekommerd, alleen of hartseer is. Op so 'n wyse kan kos gebruik word om emosies te hanteer eerder as om honger te stil. In hierdie verband meld 'n deelnemer dat hy sy woede hanteer deur te eet: "Ek raak baie kwaad... dit pla my baie, en as ek eet, dan voel ek baie beter." Nemours (2012:1,2) waarsku dat algehele welstand beïnvloed kan word deur emosionele eetpatrone, aangesien emosies onveranderd bly sodra die plesier verby is.

(vii) Slaap

Dit blyk dat deelnemers slaap benut om beter te voel of om die hantering van bekommernisse te vermy:

"Partykeer slaap ek... , dan voel ek beter."

"Partykeer voel jy hopeloos...dan gaan slaap jy en word die volgende oggend wakker, dan voel jy nou's daar weer goed wat jy kan gaan doen."

"Ek slaap maar net en probeer nie worry oor wat om my aangaan nie."

Alexander (2012:1) bevestig dat slaap kinders help ontspan en tydelik van hul bekommernisse vergeet. Verder help slaap volgens MacArthur (2004:1) stres en kommer verminder. Genoeg slaap laat kinders beter lyk, hulle is gesonder en leer beter.

4.2 INTERPERSOONLIKE VLAK

In hierdie afdeling word verwys na alledaagse bekommernisse wat gesetel is in die interaksie tussen die individu en ander individue of groepe, en die hantering daarvan.

4.2.1 Alledaagse bekommernisse

(i) Bekommernisse oor skool

Kwaai onderwysers en straf wat kan volg

Onderwysers wat kwaai is maak deelnemers bekommerd, veral wanneer hulle voel straf is onregverdig. Dit lei tot negatiewe teenoor onderwysers en 'n negatiewe skoolervaring. Deelnemers het genoem:

“My Juffrou is baie kwaai... hul skryf my aspris vir goeters op. Dit pla vir my baie...dit sê vir my die juffrouens hou nie eintlik van my nie.”

“...as ek 'n leerboek vergeet het, of iets verloor, dan raak ek bekommerd ek gaan in die moeilikheid kom.”

Straf wat op ongehoorsaamheid kan volg, byvoorbeeld detensie, is 'n verdere bekommernis: “In die klas stres ek ... ek weet nie hoeveel negatiewes ek al het nie, en ek's bang ek sit detensie.” Allen (2012:1) en Ekblad (2012:1) bevestig dat probleme met onderwysers en vrees vir straf leerders bekommerd kan maak.

Moontlike swak prestasie

Deelnemers is bekommerd oor die gevolg van moontlike swak prestasie, wat hulle skoolervaring kan beïnvloed, veral wanneer skoolwerk nie verstaan word nie:

“Die eksamen... Ek is bang... ek gaan swak doen. Ek is bekommerd oor my punte...”.

“Dan word ek bekommerd oor my skoolwerk. As ek nie verstaan nie, dan weet ek nie wat om te doen nie.”

Swak prestasie lei tot verdere bekommernisse oor die moontlike herhaling van ‘n graad: “...dat ek dit [Lewensoriëntering] nie gaan deurkom nie en dan gaan ek die graad moet oordoen.” Navorsing (Allen 2012:1; Richford 2012:1) bewys bogenoemde, dat angskakende punte algemeen voorkom by laerskoolleerders. Die bemeestering van skoolwerk is dus vir leerders belangrik.

(ii) Bekommernisse oor gesin

Konflik in die gesin

Soos bevind in hierdie studie kan probleme by die huis, soos konflik tussen ouers en konflik tussen ouers en kinders, vir leerders kommer veroorsaak (Akehurst 2012:1; Ekblad 2012:1). In hierdie verband noem deelnemers:

“My pa vloek ons in die huis... My pa en broer baklei baie. Die bakleiery pla my altyd.”

“Ek hou nie daarvan as my suster en my ma baklei nie... Dit maak my bang.”

Dit blyk dat konflik in die gesin verhoudings asook kommunikasie tussen gesinslede beïnvloed. Alhoewel deelnemers hierdie bekommernis met ouers wil bespreek, is hulle bang om hieroor te gesels: “Ek is te bang om vir my ma te vertel dat dit [konflik tussen ouers] my pla.” Kuraoka (2004:1-2) verduidelik dat kinders opinies vir hulself kan hou aangesien hulle bekommerd kan wees dat woede op hulle uitgehaal kan word.

Veiligheid van gesin

Deelnemers was bekommerd oor die veiligheid van hul gesin en dat iets met iemand in hul gesin kan gebeur:

Ek voel baie gestres, sê nou maar ietsie het gebeur... met my pa as hy weg is, of hy't 'n ongeluk..., en ek hoor geluide in die huis, as ek alleen is... ek is ook bekommerd oor my boetie wat vooruit hardloop buite die kerk, want daar is baie dronkies daar anderkant...

“Toe gaan ry ons quads en toe val my ma. Ek was bang gewees... dit het my baie gepla.”

'n Deelnemer het ook genoem dat sy bekommerd is wanneer haar ouers baklei, asook bang daar gebeur iets gewelddadig: “Hoe my ouers baklei... dan vloek hulle op mekaar... dis wat my bekommer, ...ek dink hulle gaan 'n mes uitgryp of wat.... Ek's bang daar gebeur iets ergs...”.

Dit is belangrik dat kinders by die huis geliefd en veilig voel en gehou word, anders kan dit hul bekommerd laat voel (Blom 2006:181; Hatter 2005:1), soos blyk uit

bogenoemde aanhalings. Die woonbuurt en gemeenskap waarin 'n kind funksioneer dra by tot 'n sekuriteitsgevoel (Hatter, 2005:1). Beskikbaarheid van ondersteuning, stabiliteit, geweld en armoede speel 'n rol hierin (Hatter 2005:1; Van As 2009:7).

Finansies en werkloosheid in die gesin

Deelnemers was bekommerd oor finansiële probleme in die gesin, hoe dit verhoudinge mag beïnvloed, asook konflik wat hieroor kan ontstaan: “As my pa nie die skool kan betaal nie, dan sê my ma as hy nie sy kant kan bring nie gaan daar oorlog wees. ...dis nie lekker om bekommerd te voel daarvoor nie.” Werkloosheid en die moontlikheid dat 'n ouer sy/haar werk verloor was ook 'n bron van kommer: “My pa... ek wil nie hê hy moet afgedank word of iets nie...”. Een deelnemer vertel hoe haar ouers baklei vandat haar pa sy werk verloor het, asook: “...my pa het nou sy werk verloor... my ouma huil partykeer daarvoor, want my pa kry nie werk nie. Sy maak nou beskuit om geld te kry vir my pa.” Bogenoemde bekommernisse is in ooreenstemming met Barrientos (2011:1) se mening dat kinders sensitief is vir ekonomiese sekuriteit. Hy meld dat hulle maklik senuweeagtig kan word wanneer finansiële probleme voorkom omdat hulle nie die nodige lewenservaring het om dit in perspektief te kan stel nie. White, Leavy en Masters (2002:1) bevestig ook bogenoemde, dat kinders beïnvloed word deur finansiële probleme.

Die gevolge van egskedding

In Suid-Afrika eindig gemiddeld een uit twee huwelike in 'n egskedding (Blom 2006:182; Meyerowitz 2012:1). In samehang hiermee was die gevolge van

egskeiding vir deelnemers kommerwekkend. Deelnemers was bekommerd oor die feit dat hulle weens egskeiding een ouer nie gereeld sien nie: “My ma en pa is geskei en... elke dag mis ek hom [pa]. Dit pla my baie.” Daar was bekommernisse rakende nuwe verhoudings waarin ouers betrokke raak: “Partykeer voel dit soos my pa se girlfriend wil my pa wegsteel van ons af... dit voel hartseer.” Verder was deelnemers bekommerd oor konflik wat na ‘n egskeiding kan voortduur: “My ma het gesê dat daar gaan oorlog kom tussen my ma en my pa...”. Bogenoemde resultate stem ooreen met Meyerowitz (2012:1) asook Stoop en Stoop (2007:410-414) se siening dat egskeiding en konflik na ‘n egskeiding angstigheid by laerskoolleerders kan veroorsaak, asook verlies en trauma kan meebring.

(iii) Bekommernisse oor vriende

Konflik met maats

Die eerste bekommernis oor vriende wat uit die resultate blyk, is konflik met maats.

Die volgende aanhalings bevestig hierdie tema:

“As my maats onbeskof is pla dit my... ek het niks maatjies dan nie... Ek is bang hulle is weer lelik met my.”

“... ek weet nie wat om te doen nie [aangaande konflik met maats]. Ek is bang dat ons ons vriendskap gaan verloor.”

Dit blyk dus dat konflik met maats lei tot die bekommernis dat hulle vriende gaan verloor. Verskeie outeurs (Ekblad 2012:1; Woolfson 2007:52) bevestig dat vriendskappe in hierdie fase belangrik is en dat probleme met ander kinders bekommernisse kan veroorsaak.

‘n Verdere aspek handel oor die vertrouwe in vriendskapsverhoudings wat verbreek word en die bekommernis dat dit sal herhaal: “...toe vertel ek vir my beste vriend iets en toe sê sy dit vir almal. Dit het my gepla, en ek is nog partykeer bang dit gaan weer gebeur.” Louw en Louw (2007:259) bevestig die belangrikheid van vertrouwe tussen vriende.

Aanvaarding van portuurgroep

Soos dit uit die studie blyk, is dit vir laerskoolleerders belangrik om in te pas en aanvaar te word (Louw & Louw 2007:259; Woolfson 2007:52). Wanneer deelnemers nie aanvaarding van hul portuurgroep ervaar nie, lei dit tot bekommernisse hieroor: “Ek is bang hulle [portuurgroep] hou nie van my nie... ek kan met niemand myself wees nie. Dan moet ek soos iemand act wie ek nie is nie.”

“Party kinders het net ‘n dag met my gespeel, dan los hulle my uit. Dit was soos, hulle my nie naby hulle wou hê nie...”.

“Dit voel of niemand my behandel...die manier wat hulle gewoonlik altyd sou nie.”

Die resultate is in ooreenstemming met Woolfson (2007:94) se opinie dat kinders in die middelkinderjare gereeld bekommerd kan wees oor of ander kinders van hul sal hou.

Boelie-gedrag

Heelwat deelnemers was bekommerd oor boelie-gedrag, veral wanneer hulle of iemand vir wie hulle lief is gespot word, lelike name genoem word, geïgnoreer word, en seergemaak word by die skool. Deelnemers vertel hoe hulle boelie-gedrag ervaar:

My klein boetie... ek huil net die heelyd as ek daarvoor dink... [kinders] terg hulle hom. Hulle is lelik met hom. ...vir hom gelag en...dan slaan hulle hom en dan hardloop hulle weg... ek sê vir hulle: "Hou op...!" ... dan praat hulle terug met my... hulle hou net aan.

... omdat kinders my baie boelie. Hulle noem my... 'n 'moffie'... in pouse wil ek nie uitgaan nie. Dit pla my baie... elke dag in die klas. ... ek wonder hoekom hulle dit sal sê... die manier wat mense my soms behandel... Hulle spot my... omdat ek aangeneem is... ek los dit net...

Internasionale studies (Goodman 2001:1) wys dat boeliegedrag tot 80% van leerders raak. Suid-Afrikaanse studies wys dat meer as 'n derde van leerders die afgelope twee jaar geboelie is (Tustin, 2012:7). Deelnemers wonder hoekom hulle so behandel word, begin twyfel oor hulself en hul verhoudings, en voel ongelukkig in die skool wanneer dit daar gebeur, soos bewys in bogenoemde aanhaling. Deelnemers in hierdie studie is versigtig om boelie-gedrag aan te meld en bang hulle gaan nie geglo word nie: "Ek vertel nie 'n juffrou nie want ek weet hulle gaan my dan net meer terg... omdat hulle [onderwysers] glo nie wat ek sê is waar nie." Barnes (2008:1) asook Goodman (2001:1) bevestig bogenoemde, dat boelie-gedrag kinders se

positiewe emosies oor skool, angsvlakke en sosiale verhoudings negatief sal beïnvloed, wat tot bekommernisse in hierdie verband sal lei.

(iv) Bekommernisse oor verlies

Die dood van self of familie

Uit die studie blyk dit dat sommige deelnemers bekommerd is dat hulle sal doodgaan: “Ek voel hartseer en soortvan alleen, oor ek wat kan doodgaan... dis wat ek die meeste oor bekommerd is.” Bekommernisse rakende ander familie wat kan doodgaan of reeds gesterf het het ook voorgekom:

“My suster is soos veertien en sy het al pille geneem om haarself te probeer doodmaak... Ek is bang.”

“My Oupa het doodgegaan...ek dink nog steeds aan hom. En dit pla my nogal.”

Akehurst (2012:1) meld dat kinders tussen agt en elf jaar geneig is om bekommerd te wees oor die dood. Soos in hierdie studie bevind, kan die dood ‘n groot bekommernis vir kinders wees (Blom 2006:182,186; Neill 2009:1).

Die dood van ‘n geliefde troeteldier

Bekommernis oor siekte of dood van ‘n geliefde troeteldier is ‘n realiteit vir kinders, en kan verlies of trauma veroorsaak (Blom 2006:182). Die moontlikheid dat iets met ‘n troeteldier kan gebeur was vir deelnemers ‘n bekommernis:

“Ek bekommer my want my hond gooi op en ek’s bang sy’s siek. Ek was bang sy gaan dood.”

“As my hond weghardloop en sy kom nie terug nie... Ek’s bang sê nou maar iemand maak haar seer...”.

“...toe gaan hy [hond] dood van bosluissiekte. Elke keer wanneer ek na hom [foto] kyk, dan voel ek so hartseer of bekommerd partykeer.”

Probst (2011:1) en Pruitt (1998:1) bevestig die verlies wat kinders kan ervaar wanneer ‘n troeteldier doodgaan. Na negejarige ouderdom begin kinders verstaan dat die dood finaal is. Verskeie vrae ontstaan wanneer iets met ‘n troeteldier gebeur, wat kan lei tot onsekerheid en bekommernis.

4.2.2 Hantering van bekommernisse:

(i) Bestee tyd met ‘n familielid

Op interpersoonlike vlak word bekommernisse hanteer deur tyd met ‘n familielid te spandeer. Die meeste deelnemers gesels met hul ouers:

“My ma en pa kan my help, ek kan met hulle gesels as iets pla.”

“Dit help om met Mamma te gesels daaroor.”

Die belangrikste verhoudings is by die huis (Gleave 2009:1; Louw & Louw 2007:247). Dit is volgens Jayson (2009:1) en Steyn (2009:26-28) belangrik dat kinders met hul ouers gesels oor bekommernisse en aanmoediging ontvang vir hantering daarvan. Dit blyk uit die studie dat tyd saam met sibbe of ander familiede ook benut word: “Ek speel gewoonlik met my boetie, soos tennis. Ek voel beter na die tyd.”

(ii) Bestee tyd met vriende

Die meeste deelnemers bestee tyd met vriende as 'n wyse om bekommernisse te hanteer:

“Ek gaan dan na T... Ek gaan speel by hom as die ander maatjies lelik is.”

“Ons speel en sal albei probeer om dit [bekommernisse] uit ons gedagtes te kry...”.

Wanneer tyd met vriende spandeer word, word aandag van bekommernisse afgetrek: “Ek sal met my vriende gaan speel, om my kop op 'n ander plek te kry... My beste vriend is altyd daar.” Vriendskappe help kinders om moeilike situasies te hanteer (Ferrer-Chancy & Fugate 2007:1; Jin Yu, Tepper & Russel 2009:1), asook met ondersteuning in hierdie verband (Jerrom, 2013:1), wat ook in hierdie studie sterk na vore gekom het. Aanvaarding deur vriende word geassosieer met groter gevoelens van om aan 'n groep te behoort asook minder gedragsprobleme, wat selfbeelde verbeter (Woolfson 2007:11,89).

(iii) Bestee tyd met media

Dit blyk uit die studie dat deelnemers die media benut om tydelik van hul bekommernisse te vergeet, insluitend radio luister, televisie kyk of rekenaarspeletjies speel:

“Ek sit 'n radio aan en dan luister ek wat die mense sê... dan voel ek beter.”

“Ek sit voor die televisie, en dit laat my baie beter voel... alles gaan weg.”

“Ek...speel playstation dan.”

Volgens Gleave (2009:1) asook Louw en Louw (2007:260,264) kan die media kinders se aandag aftrek van dit wat hulle pla en hulle rustiger maak. Dit kan egter 'n invloed op hul sosiale en emosionele vaardighede en gedrag hê, wat moontlik kan bydra tot meer stres en bekommernisse.

(iv) Bestee tyd met troeteldiere

Om tyd met troeteldiere te spandeer laat deelnemers beter voel wanneer hulle bekommerd is:

“... my hond lê by my en ek vryf haar...dit laat my beter voel.”

“Ek het met die hond gaan stap of speel.”

“... my hond lê hierso, en dan vryf ek haar... dis lekker.”

Troeteldiere is oor die algemeen vir deelnemers baie belangrik. Blinder (2012:1) asook Robinson en Segal (2011:1) bevestig die waarde van troeteldiere in die hantering van alledaagse stres en angstigtheid. Om troeteldiere te vryf en vas te hou kan kinders kalmeer, troos en rustig maak wanneer stres ervaar word (Blinder 2012:1; Popovich 2012:1).

(v) Vra vir ondersteuning by die skool

Die laaste wyse waarop bekommernisse op interpersoonlike vlak hanteer word, is deur ondersteuning te vra by die skool se 'Moempi-tannies'. Laasgenoemde behels 'n stelsel waar moeders en onderwysers opgelei word om na kinders se probleme te

luister en professionele hulp in te roep wanneer nodig. ‘n Paar deelnemers het genoem dat hulle van hierdie diens gebruik maak, en dat dit hulle beter laat voel:

“Ek het met die Moempi-tannie gaan gesels. Dit het nogals gehelp.”

“As iets my soos bekommerd maak dan skryf ek...vir Moempi...”.

“Ek skryf vir Moempi.”

Neill (2008:1) bevestig dat skole ondersteuning beskikbaar behoort te hê vir wanneer leerders bekommernisse by die huis of skool ervaar. Onderwysers kan opgelei word om emosionele ondersteuning te gee, veral met portuurgroepdruk, -verhoudings, boelie-gedrag, of bekommernisse oor skoolwerk.

5. BESPREKING VAN RESULTATE

Die doel van hierdie studie was om laerskoolleerders se alledaagse bekommernisse en hul hantering daarvan by ‘n spesifieke skool in die Helderberg-kom te verken en beskryf. Literatuur (D’amico & Barbarito 2010:1; DeGeorge 2011:1) bevestig dat alledaagse bekommernisse by kinders ‘n normale verskynsel is en algemeen voorkom. Aangesien ontwikkeling by laerskoolleerders op verskeie vlakke plaasvind, is bekommernisse juis vir hierdie kinders ‘n realiteit. Ontwikkeling in hierdie fase help kinders om die wêreld om hulle te verstaan en bemeester (Louw & Louw 2007:214; Ryan 2008:1). Dit is volgens Schonert-Reichl *et al.* (2010:1) ‘n belangrike ouderdomstydperk om in te tree indien bekommernisse ervaar word.

Die resultate van die studie dui daarop dat bekommernisse op intrapersonlike en interpersoonlike vlak ervaar en hanteer word. Op intrapersonlike vlak ervaar

deelnemers bekommernisse oor emosies wat ervaar word, soos hartseer, woede en gevoel van onsekerheid. Laerskoolleerders begin emosies geleidelik beter verstaan en intrapersonlik reguleer, en kan dit beter begin wys vir ander mense (Holodynski 2009:1; Louw & Louw 2007:244), soos ook in die studie na vore gekom het.

Op intrapersonlike vlak word bekommernisse hanteer deurdat deelnemers verkies om alleen te wees, probeer om nie aan bekommernisse te dink nie, te huil, skryf of teken in 'n dagboek, deur gebed, eet of slaap. In ooreenstemming hiermee meld Aistear (2013:1) dat kinders probeer sin maak uit gebeure (wat hulle sien, voel en ervaar in die wêreld om hulle) deur hulle gedagtes en liggame te gebruik. Hierdeur word maniere gevind om idees, emosies, gedagtes en aksies voor te stel.

Op interpersoonlike vlak is bekommernisse rakende die skool, gesin, vriende en verlies geïdentifiseer. Hieruit blyk dit dat deelnemers voortdurend streef na bemeestering (soos ook verduidelik deur Erikson se teorie van psigososiale ontwikkeling), byvoorbeeld goeie prestasie, aanvaarding en erkenning. Kinders se geluk hang grootliks af van hul verhoudings met familie, vriende en skool (Louw & Louw 2007:247; Woolfson 2007:11). Bekommernisse ontstaan juis wanneer probleme by bogenoemde verhoudings voorkom (Schonert-Reichl *et al.* 2010:1). Meer bekommernisse het op interpersoonlike vlak as op intrapersonlike vlak voorgekom, wat die belangrikheid van verhoudings met ander persone en groepe tydens hierdie ontwikkelingsfase bevestig.

Hantering van bekommernisse op interpersoonlike vlak geskied deur tyd te bestee met 'n familielid, vriende, die media, troeteldiere, of om vir ondersteuning by die

skool te vra. Hierdie bevinding bevestig weer eens die belangrikheid van verhoudings met noemenswaardige persone in die kind se lewe. Familie verskaf belangrike sekuriteit vir kinders van hierdie ouderdom (Eccles 1999:34-36; Louw & Louw 2007:247, 258). Verder is vriendskappe asook ander verhoudings belangrik vir die ontwikkeling van vertrouwe asook vir verdere ondersteuning, ook met bekommernisse.

Dit is van waarde om die geïdentifiseerde bekommernisse asook die hantering daarvan in die lig van Erikson se teorie van psigososiale ontwikkeling, as teoretiese raamwerk vir die studie, te probeer verstaan. Die ontwikkelingsstaak in hierdie fase behels die bemeestering van ywerigheid en bekwaamheid teenoor minderwaardigheid (Louw & Louw 2007:241; Nelson 2012:1). Wanneer kinders bemeestering ervaar, kan dit lei tot selfvertroue en dat hulle in hulself glo. Hierteenoor sal minderwaardigheid ervaar word indien bemeestering nie plaasvind nie (Charlesworth *et al.* 2007:175; Cherry 2012:1). Dit blyk dus dat bekommernisse, soos in die studie bevind, verband hou met hierdie spesifieke fase waarin laerskoolleerders verkeer en dat dit in die strewe na die bemeestering van ywerigheid en bekwaamheid kan ontstaan en ook in hierdie konteks hanteer word.

Aanbevelings wat uit hierdie studie voortvloei kan nie veralgemeen word nie en is slegs van toepassing in die spesifieke konteks van die studie. Eerstens word daar aanbeveel dat hierdie laerskoolleerders ondersteun word om emosies effektief te kan kommunikeer. Tweedens behoort die skool emosionele en akademiese ondersteuning te verskaf en aan te moedig by leerders wat dit benodig. Derdens is ondersteuning, effektiewe kommunikasie en konfliktoplossing belangrik in families

asook by vriende. Modelling hiervan aan kinders asook hulp om effektiewe verhoudings te bou word aangemoedig. Vierdens is ondersteuning met effektiewe hantering van bekommernisse vir elke kind belangrik, veral om effektiewe maniere te vind om emosies te kommunikeer. Aanmoediging en ondersteuning vir die effektiewe hantering van bekommernisse van familie en in die skool is dus belangrik.

Dit is belangrik dat ouers en onderwysers bewus gemaak word van laerskoolleerders se bekommernisse asook hoe dit hanteer word. Volgens Freeman (2011:1) asook Kagan en Gall (2011:1) beywer skole hulle daarvoor om aan kinders sosiale en lewensvaardighede te leer, ten einde in gesonde volwassenes te ontwikkel. Indien bekommernisse en die hantering daarvan bekend is kan skole ouers en onderwysers bemagtig om kinders in hierdie verband te ondersteun. Die bydrae van hierdie studie lê in die bekendmaking van die resultate rakende laerskoolleerders se alledaagse bekommernisse en hantering daarvan by 'n spesifieke skool in die Helderberg-kom.

6. SAMEVATTING

Die meeste laerskoolleerders ervaar alledaagse bekommernisse en het verskeie maniere waarop hulle bekommernisse hanteer. Ouers en onderwysers is dikwels onbewus van kinderbekommernisse, asook die hantering daarvan. Uit hierdie studie blyk die bekommernisse van leerders in die spesifieke skool duidelik na vore te kom, en is daar bekommernisse en hanterings op intra- en interpersoonlik vlak geïdentifiseer. Hierdie resultate sal aan die betrokke skool bekend gemaak word ten einde 'n groter bewustheid hier rondom te bevorder.

BRONNELYS

Aistear. 2013. Exploring and thinking - the early childhood curriculum framework. http://www.ncca.biz/Aistear/pdfs/PrinciplesThemes_ENG/ExploringThinking_ENG.pdf [2 June 2013].

Akehurst, J. 2012. *10 Things your kids worry about*. <http://www.goodtoknow.co.uk/family/150028/10-things-your-kids-worry-about> [15 June 2012].

Aldridge, J. 2010. Contemporary fears of children and adolescents: Coping and Resiliency in the 21st century. *Childhood Education: ProQuest Education Journals*, 86(5):346. <http://0proquest.umi.com.oasis.unisa.ac.za/pqdweb?index=10&did=2093722061&SrchMode=2&sid=4&Fmt=6&VInst=PROD&VType=PQD&RQT=309&VName=PQD&TS=1281114977&clientId=27625> [15 September 2010].

Alexander, A. 2012. *Saying sorry... successfully*. The Parent Coaching Company. <http://www.ivillage.co.uk/saying-sorry-successfully/81209> [6 May 2012].

Allen, M. 2012. *When Your Child Worries*: 1. Children's Health Council. Whygee, Inc. <http://www.chconline.org/teaching-your-child-to-manage-his-worries> [13 February, 2012].

Armstrong, T. 2008. *The human odyssey, navigating the twelve stages of life*. Sterling. http://www.thehumanodyssey.com/06_late_childhood_ages_1012/ [8 July 2011].

Barrientos, M. 2011. *South African Unemployment Rate*. http://www.indexmundi.com/south_africa/unemployment_rate.html [25 February 2012].

Barnes, R. 2008. *What can I do when my child is being bullied?* Bully Beware Productions.

Bierman, K.L., Dodge, K.A., Greenberg, M.T., Lochman, J.E., McMahon, R.J. & Pinderhughes, E.E. 2011. *When children have trouble making friends*. Durham: NC.

Blinder, D. 2012. *Ways that spending time with animals help your health. A four-legged or feathered friend can ease stress, improve your nutrition, and more*. <http://www.rodale.com/stress-relief-and-animals> [8 May 2012].

Blom, R. 2006. *The Handbook of Gestalt Play Therapy - Practical Guidelines for Child Therapists*. Jessica Kingsley Publishers, London.

Boden, S. 2012. *Researching children: ethical issues*. Warwick. <http://www2.warwick.ac.uk/services/library/researchexchange/topics/gd0063/> [9 March 2013].

Botma, Y., Greeff, M., Mulaudzi, F.M. & Wright, S.C.D. 2010. *Research in Health Science*. Cape Town: Pearson Education South Africa (Pty) Ltd.

Braun V. & Clarke, V. 2006. Using thematic analysis in psychology. *Qualitative Research in Psychology*, 3:77-101.

Brouse, C. 2009. *How journal writing can make you healthier*. <http://www.besthealthmag.ca/embrace-life/wellness/how-journal-writing-can-make-you-healthier> [5 November 2012].

Burkhart, I.K.E. 2007. *An assessment instrument for fear in middle childhood South African children*. Phd dissertation. Stellenbosch: University of Stellenbosch.

Burnham, J. J. & Lomax, R. G. 2009. Research: Examining Race-Ethnicity and fears of Children and Adolescents in the United States: Differences Between White, African American, and Hispanic Populations. *Journal of Counseling & Development*, 87:387-393.

Bylsma, L., Croon, M., Vingerhoets, A. & Rottenberg, J. 2011. When and for whom does crying improve mood? A daily diary study of 1004 crying episodes. *Journal of Research in Personality*, 45 (4): 385-392.

Charlesworth, L., Wood, J. & Viggiani, P. *Chapter 5: Middle Childhood*: 183. Sage Publications. http://www.sagepub.com/upm-data/16297_Chapter_5.pdf [15 September 2012].

Cherry, K. 2012. *Erikson's theory of psychosocial development - psychosocial development in infancy and early childhood*. The New York Times Company. <http://psychology.about.com/od/psychosocialtheories/a/psychosocial.htm> [26 May 2012].

D'Amico, D. & Barbarito, C. 2010. *Pearson - Health & Physical assessment in nursing*. Pearson Education Inc. http://wps.prenhall.com/chet_damico_health_and_1/43/11164/2858232.cw/index.html [6 October 2011].

Davey, G. & Wells, J. 2006. *Worry and its Psychological Disorders: Theory, Assessment and Treatment*. UK: John Wiley & Sons, Inc.

DeGeorge, J. 2011. *Plenty to worry about: children and stress*. US Department of Education. <http://www.dcmp.org/caai/nadh257.pdf> [26 May 2012].

Dobson, R. 2008. *How crying can make you healthier*. <http://www.independent.co.uk/life-style/health-and-families/features/how-crying-can-make-you-healthier-1009169.html> [5 November 2012].

Dowling, M. 2005. *Young children's personal, social and emotional development*. 2nd ed. London: Paul Chapman Publishing.

Eccles, J.S. 1999. The future of children. When school is out. *The development of children ages 6 to 14*, 9(2):34-36.

Ekblad, L. 2012. *Sources of Stress*. Iowa State University, USA. <http://www.extension.iastate.edu/publications/PM1660F.pdf> [15 February 2012].

Fairchild, M. 2012. *Four reasons not to worry*. <http://christianity.about.com/od/whatdoesthebiblesay/qt/reasonnot2worry.htm>. [5 November 2012].

Ferrer-Chancy, M. & Fugate, A. 2007. *The importance of Friendship for School-Age Children*. Department of Family, Youth & Community Sciences: University of Florida. <http://edis.ifas.ufl.edu/pdf/files/fy/fy54500.pdf> [10 May 2012].

Field, A.P. & Davey, G.C.L. 2001. Conditioning models of childhood anxiety, In Silverman & Treffers, (eds.). *Anxiety disorders in children and adolescents - Research, assessment and intervention*: 187-190. UK: Cambridge University Press.

Flick, U. 2007. *Managing Quality in Qualitative Research - The SAGE Qualitative Research Kit*: 3-57. London: Sage Publications.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. In De Vos, Strydom, Fouche & Delpont (eds.). *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*, 4th ed. 64-134. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Freeman, B. 2011. *Child development Resources for Parents and Teachers: The Middle Schooler*. South Caroline Department of Mental Health - Division of Children, Adolescents, and their Families. http://www.state.sc.us/dmh/schoolbased/school_resources.htm#school9 [10 January 2012].

Fritz, K. 2008. *Overarching Ethical Principles: 5-6*. Johns Hopkins Bloomberg school of public health. <http://ocw.jhsph.edu/courses/qualitativedataanalysis/PDFs/Session12.pdf> [26 June 2012].

Geddes & Grosset. 1999. *The new choice English dictionary*. UK: Peter Haddock Publishing.

Gleave, J. 2009. *Children's time to play - a literature review*. Play England. <http://www.playday.org.uk/pdf/Childrens-time-to-play-a-literature-review.pdf> [10 May 2012].

Goodman, R.F. 2001. *Bullies: more than sticks, stones & namecalling*. [http://www.aboutourkids.org/articles/bullies more sticks stones name calling](http://www.aboutourkids.org/articles/bullies%20more%20sticks%20stones%20name%20calling) [6 May 2012].

Greeff, M. 2011. In De Vos, Strydom, Fouche & Delport (eds.). *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. 4th ed. 349-353. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Grieve, K. & Van Deventer, V. 2005. *A Student's A-Z of Psychology*. Paarl: JUTA Academic.

Grills, A.E. & Ollendick, T.H. 2002. Peer Victimization, Global self-worth, and anxiety in Middle School Children. *Journal of Clinical Child and Adolescent Psychology*: 31(1):59-68.

Hartley, C.G. 2008. *Anxiety symptoms in South African youths: their assessment and relationship with stressful life events: 70*. MA dissertation. Stellenbosch: University of Stellenbosch.

Hatter, R. 2005. *Keeping kids safe*. Tennessee: Tennessee Department of Human Services.

Hillegass, C.K. 2011. *Cliff's notes: Physical development ages 7-11*. Wiley Publishing. [://www.cliffsnotes.com/study_guide/Physical-Development-Age-711.topicArticleId-26831,articleId-26781.html](http://www.cliffsnotes.com/study_guide/Physical-Development-Age-711.topicArticleId-26831,articleId-26781.html) [8 July 2011].

Holondynski, M. 2009. *Emotions as bio-cultural processes. Milestones and mechanisms of emotional development:1*. Springer: US.

Jacobs, L.J. & Vrey, J.D. 1982. *Selfkonsep, diagnose en terapie. 'n Opvoedkundige Sielkundige benadering*. Pretoria: Academia.

Jayson, S. 2009. *How stressed are kids? More than we think*. USA TODAY. http://www.usatoday.com/news/health/2009-11-04-APAKidstress04_ST_N.htm [6 May 2012].

Jerrom, C. 2013. *Friends and family: Young minds - The voice of young people's mental health and wellbeing*. London.

Jin Yu, J., Tepper, K.H. & Russell, S.T. 2009. *Peer Relationships and Friendship*. University of Arizona. http://cals-cf.calsnet.arizona.edu/fcs/bpy/content.cfm?content=peer_rel [10 May 2012].

Kagan, J. & Gall, S.B. 2011. *The Gale Encyclopedia of Childhood & Adolescence: Child development*. Stanford: Children's Corporation 2011. <http://www.answers.com/topic/child-development> [10 August 2011].

Kuraoka, O.B. 2004. What Kids Worry About (It Might Surprise You). *San Diego Family Magazine*, 1-2. <http://www.sandiegofreelancewriter.com/clips/kids-worry.pdf> [25 November 2012].

Lewis, M. & Michalson, L. 1983. *Children's Emotions and Moods*. New York: Plenum.

Lieberman, M.D. 2007. *Scientific blogging: Writing down feelings really does make us feel better, study says*. UCLA. <http://www.science20.com/news/writing-down-feelings-really-does-make-us-feel-better-study-says> [5 November 2012].

Lincoln, Y.S. & Guba, E. G. 1985. *Naturalistic Inquiry*: 290. Sage Publications Inc. UK.

Louw D. & Louw, A. 2007. *Child and adolescent development*, 214-275. Bloemfontein: Psychology Publications.

MacArthur, J.D. 2004. *Resources for Science Learning - The human brain*. Philadelphia: The Franklin Institute.

Marion, M. 1997. *Children's emotions and moods. Helping children deal with anger*. New York: Plenum.

McLeod, H. 2011. *10 Best ever anxiety management techniques*. University counselling centre. Australian National University. Canberra.

McGraw & Hill. 2012. *Emotional Development*. Chapter 10. http://highered.mcgraw-hill.com/sites/dl/free/0073382647/568281/santrock4e_sample_ch10.pdf [5 November 2012].

Meyerowitz, J. 2012. *Children Are For Keeps Booklet*. Johannesburg: Family Life Centre, FAMSA.

Mugo, F.W. 2008. *Sampling in research*. New York. <http://www.socialresearchmethods.net/tutorial/Mugo/tutorial.htm>. 2004 [9 July 2011].

Muris, P. 2007. *Normal and abnormal fear and anxiety in children and adolescents*. NY: Elsevier.

Neill, D. 2009. *Anxiety in Children*. Family therapy UK, worries & anxiety problems in children. <http://www.familytherapy.org.uk/Leaflets/children'sworrie.html> [25 November 2011].

Nelson, R. 2012. *Erikson's Psychosocial stages of development*. Resources for students and professionals. <http://www.psychpage.com/learning/library/person/erikson.html> [27 May 2012].

Nemours. 2012. *TEEN'S HEALTH. What Is Emotional Eating?* The Coca-Cola Company. http://kidshealth.org/teen/your_mind/emotions/emotional_eating.html [13 May 2012].

Paquette, D. & Ryan, J. 2001. *Bronfenbrenner's Ecological Systems Theory*. <http://pt3.nl.edu/paquetteryanwebquest.pdf> [5 April 2012].

Peach, D. 2012. *How to stop worrying*. <http://www.whatchristianswanttoknow.com/how-to-stop-worrying-7-tips-for-christians/> [5 November 2012].

Perold, M.D. 2001. *The prevalence of anxiety in a group of 7- 13 year old learners in the Western Cape*. MA dissertation. University of Stellenbosch.

Pienaar, F. 2010. *Children and stress*. Educational Review. New Zealand. <http://www.educationreview.co.nz/pages/section/article.php?s=Postgrad+Schools+of+Education&idArticle=19317> [28 May 2012].

Popovich, S. 2012. *How Pets Can Reduce Our Stresses And Anxiety*. <http://rikkisrefuge.org/Rikkis/PetsRelieveStress.html> [10 May 2012].

Probst, S. 2011. *Explaining pet death to children*. College of veterinary medicine. Illinois: University of Illinois.

Pruitt, D. 1998. *Your child - Emotional, behavioural, and cognitive development from birth through preadolescence. What's normal, what's not, and when to seek help*. Harper Collins Productions. American Academy of Child and Adolescent Psychiatry.

Richford, N. 2012. *What Causes Stress in Students?* http://www.ehow.com/about_5035052_causes-stress-students.html [26 November 2012].

Robinson, L. & Segal, J. 2011. *The Therapeutic Benefits of Pets. How caring for a pet can make you happier and healthier*. <http://www.helpguide.org/life/pets.htm> [20 February, 2012].

Royal College of Psychiatrists. 2012. *Mental Health and Growing Up Factsheet - Worries and anxieties - helping children to cope: information for parents, carers and anyone who works with young people*. England.

Ryan, K.O. 2008. *Middle Childhood*. Learning Seed. Chicago.

Sandelowski, M. 2010. What's in a name? Qualitative description revisited. *Research in Nursing & Health*, 33:77-84.

Schonert-Reichl, K.A., Guhn, M., Hymel, S., Hertzman, C., Sweiss, L., Gadermann, A., Marriott, D., Burroughs, B., Calbick, J., Oberle, E., Smith, A., Pedrini, L. & Harvey, J. 2010. *Our Children's voices: The middle years development instrument. Measuring the developmental health and well-being of children in middle childhood.* Vancouver MDI.

Sandas, I. & Siegel, C. 2008. *The everything parent's guide to children with anxiety: Professional advice to help your child feel confident, happy and secure.* USA: F&W Publications.

Schurink, W., Fouché, C.B. & De Vos, A.B. 2011. In De Vos, Strydom, Fouché & Delport, 2011. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions.* 4th ed. 64-134. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Smith, M.K. 2008. *Howard Gardner and multiple intelligences, the encyclopedia of informal education.* YMCA George Williams College.

Smith, R.D. 2013. *Intrapersonal and interpersonal communication.* Buffalo State Faculty of Education.

Stehl, M.L. 2010. *Emotional Eating in Children and Teens. What is emotional eating?* The Nemours Foundation.

Steyn, E. 2009. *Kinderkrag - gee jou kind vlerke.* Tygervallei: Naledi.

Stoop, D. & Stoop, J. 2007. *Die Volledige Ouerskapboek. Praktiese raad deur kenners*. Wellington: Lux Verbi.

Strydom, H. 2011. In De Vos, Strydom, Fouche & Delport, 2011. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. 4th ed. 115-230. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Tustin, D.H. 2012. *Nature, extent and impact of bullying among secondary school learners in Gaunteng*. 7. UNISA- Bureau of market research.

Van As, S. 2009. *Childsafe - Keep kids free from harm. Watch that child - Child safety is no accident!* 7. RSA: CAPFSA.

Wait, J., Meyer, J.C. & Loxton, H.S. 2004. *Menslike ontwikkeling - 'n psigososiale perspektief*. Parow-Oos: Ebony Books.

White, H., Leavy, J. & Masters, A. 2002. *Working paper no.1 - Comparative perspectives on child poverty: A review of poverty measures. Young lives - an international study of childhood poverty*. Institute of Development Studies, University of Sussex. <http://129.3.20.41/eps/dev/papers/0504/0504017.pdf> [28 February 2012].

Woolfson, R.C. 2007. *How to have a happy child. Responding to your child's emotional needs from 4-12*. Hamlyn, London.

AFDELING 3

KRITIESE REFLEKSIE OOR STUDIE

1. KRITIESE REFLEKSIE

Laerskoolleerders in die middelkinderjare ontwikkel op verskillende vlakke (kognitief, sosiaal en emosioneel) en literatuur (Field & Davey, 2001:187; Muris, 2007:1; Oesterreich, 2003:8) rakende bekommernisse in hierdie ontwikkelingsfase dui daarop dat dit normaal is om bekommernisse op hierdie ouderdom te ervaar, maar dat die hantering daarvan volgens DeGeorge (2011:1) belangrik is vir verdere ontwikkeling en funksionering. Dit is dus belangrik om op hierdie ouderdom in te tree sodat toekomstige probleme en bekommernisse vermy kan word en stres in hierdie verband hanteer kan word (Ryan, 2008:1; Schonert-Reichl, Guhn, Hymel, Hertzman, Sweiss, Gadermann, Marriott, Burroughs, Calbick, Oberle, Smith, Pedrini & Harvey, 2010:1). Ouers en onderwysers is egter dikwels onbewus van wat presies laerskoolleerders in die middelkinderjare bekommer, asook hoe hulle dit hanteer (D'amico & Barbarito, 2010:1). Bewustheid hieroor is belangrik sodat kinders beter ondersteun kan word in hierdie verband (Creswell & Willetts, 2007:181).

Die doel van die studie was tweeledig, naamlik:

- Om te bepaal wat laerskoolleerders in 'n spesifieke skool in die Helderberg-kom se alledaagse bekommernisse is.
- Om te bepaal hoe laerskoolleerders hierdie alledaagse bekommernisse hanteer.

Die resultate van die studie dui daarop dat bekommernisse op intrapersonlike (in die individu) en interpersoonlike vlak (tussen die individu en ander individue of groepe) ervaar en hanteer word. Vervolgens word daar aandag geskenk aan die eerste doel van die studie, naamlik: om te bepaal wat laerskoolleerders in 'n spesifieke skool in die Helderberg-kom se alledaagse bekommernisse is.

Op intrapersonlike vlak het een bekommernis uit die resultate geblyk, naamlik emosies wat ervaar word. Emosies soos hartseer, woede en 'n gevoel van onsekerheid word nie verstaan nie en veroorsaak bekommernisse. Deelnemers sal hul emosies wegsteek, wat volgens die Royal College of Psychiatrists (2012:1) hul daaglikse lewe kan affekteer. Kinders kan misgekyk voel wanneer hulle en/of ander nie hul emosies verstaan nie (Bierman, Dodge, Greenberg, Lochman, McMahon & Pinderhughes, 2011:1).

Op interpersoonlike vlak is bekommernisse rakende die skool, gesin, vriende en verlies geïdentifiseer. Bekommernisse rakende die skool handel oor kwaai onderwysers en straf wat moontlik kan volg. 'n Verdere bekommernis in hierdie verband handel oor moontlike swak prestasie. Bekommernisse rakende die gesin handel oor konflik in die gesin, veiligheid van gesin, finansies en werkloosheid in die gesin, asook die gevolge van egskeiding. Rakende vriende is deelnemers bekommerd oor konflik met maats, aanvaarding van portuurgroep, asook boeliegedrag. Bekommernisse rondom verlies het bekommernisse oor die dood van self of familie, asook bekommernisse oor die dood van 'n geliefde troeteldier, ingesluit.

Met bogenoemde resultate in ag geneem, is dit belangrik om kinders te help om bekommernisse reg te hanteer (Creswell & Willetts, 2007:181; Freeman, 2011:1). Dit is dus belangrik dat daar bepaal word hoe laerskoolleerders hul bekommernisse hanteer, sodat hulle beter ondersteun kan word hiermee (Kagan & Gall, 2011:1; Schonert-Reichl *et al.*, 2010:1). Uit die resultate van hierdie studie blyk dit dat die betrokke deelnemers wel wyses gevind het om hul bekommernisse te hanteer, alhoewel die effektiwiteit daarvan nie in hierdie studie bepaal is nie.

Vervolgens word daar aandag geskenk aan die tweede doel van die studie, naamlik: om te bepaal hoe laerskoolleerders hul alledaagse bekommernisse hanteer. Op intrapersonlike vlak hanteer deelnemers bekommernisse deur te verkies om alleen te wees, probeer om nie aan bekommernisse te dink nie, huil, skryf of teken in 'n dagboek, deur gebed, eet of slaap. Op interpersoonlike vlak word bekommernisse deur deelnemers hanteer deur tyd te bestee met 'n familielid, vriende, die media, troeteldiere, of deur vir ondersteuning by die skool te vra. Soos bo genoem is dit belangrik dat kinders ondersteun word om bekommernisse effektief te kan hanteer

(Creswell & Willetts, 2007:181; Kagan & Gall, 2011:1). Hierdie resultate sal help in die bewusmakingsproses sodat kinders beter ondersteun kan word met die hantering van hul bekommernisse (Schonert-Reichl *et al.*, 2010:1).

Daar is dus sekere bekommernisse wat binne die individu voorkom, soos bekommernisse oor emosies wat ervaar word, maar dit was opvallend dat heelwat meer bekommernisse buite die individu geleë was, onder andere rondom verhoudings en kommunikasie met ander. Die interpersoonlike bekommernisse in hierdie studie was dus heelwat meer as die intrapersoonlike bekommernisse wat voorgekom het. Dit is in lyn met kinderontwikkelingsteorieë (Louw & Louw, 2007:241; 272) wat verduidelik hoe belangrik verhoudings in laerskoolleerders se lewens is. Daar was 'n goeie balans tussen die intra- en interpersoonlike hantering van bekommernisse in hierdie studie. Dit wys dat deelnemers bekommernisse binne hulself en op hul eie hanteer, asook met die hulp van ander en verder deur middel van verhoudings en kommunikasie.

Volgens Erikson se teorie van psigososiale ontwikkeling is die kind in die middelkinderjare se belangrikste ontwikkelingstaak die bemeestering van ywerigheid en bekwaamheid teenoor minderwaardigheid. Hierdie ontwikkelingstaak is belangrik vir suksesvolle ontwikkeling en funksionering gedurende volwassenheid (Cherry, 2012:1; Louw & Louw, 2007:20,241). Deur hul sosiale interaksies ontwikkel kinders 'n sin van trots in hul prestasies en vermoëns. Dit is ook vir hul belangrik om ander tevrede te stel. Indien kinders probleme met bogenoemde ondervind, sal hulle moontlik bekommerd, hulpeloos en minderwaardig begin voel (Cherry, 2012:1; Nelson, 2012:1). Dit help dus verduidelik hoekom kinders moontlik meer bekommernisse op interpersoonlike vlak ervaar het: omdat hierdie vlak oor verhoudings en kommunikasie gaan, wat volgens Cherry (2012:1) belangrik is vir hul ontwikkelingstaak. Deelnemers was veral bekommerd oor erkenning en aanvaarding. Hul strewe na bemeestering het ook duidelik na vore gekom, byvoorbeeld deur hul bekommernisse oor prestasie, portuurgroepaanvaarding, konflik en vertrouwe onder vriende. Probleme met en bekommernisse oor bogenoemde het tot gevolg dat deelnemers in hulself asook hul verhoudings twyfel. Twyfel hierin kan op minderwaardigheid dui, wat in lyn is met Erikson se psigososiale ontwikkelingsteorie (Cherry, 2012:1). Die bekommernisse wat

deelnemers ervaar het stem dus ooreen met die ontwikkelingsfase van hierdie ouderdom, byvoorbeeld bekommernisse oor die eksamen, aanvaarding van vriende en portuurgroep, asook bekommernisse oor konflik in die familie. Hierdie bekommernisse stem ooreen met die spesifieke ontwikkelingstake wat in die middelkinderjare bemeester moet word. Hierdie take sluit onder andere in: die bemeestering van vriendskap, self-evaluasie, vaardigheidsleer, asook aanpassing by die skool, om sosiale verhoudings te ontwikkel en akademies te presteer (Charlesworth, Wood & Viggiani, 2007:175). Probleme met verhoudings asook die belangrikheid van prestasie en bemeestering, wat kinders nodig het om goed te voel oor hulself en dus suksesvol, verwys direk na Erikson se ontwikkelingsteorie (Nelson, 2012:1). Indien bogenoemde bedreig word en nie suksesvol voltooi word nie, kan kinders dus bekommerd begin voel, soos dit na vore gekom het in hierdie studie.

Die bekommernisse wat laerskoolleerders ervaar is dus deur hierdie studie bevestig, en stem ooreen met wat reeds in literatuur geskryf is in hierdie verband (Flander, 2011:1; Jewett & Peterson, 2002:1). 'n Bydrae is egter gelewer deur verder ook op die hantering van hierdie bekommernisse te fokus en verbande te trek op intrapersonlike en interpersoonlike vlakke. Dit blyk dus dat kinders (in die middelkinderjare) wat by hierdie studie betrek is tereg streef na bekwaamheid asook om take te bemeester, en dat bekommernisse kan ontstaan in hierdie proses.

'n Aantal aanbevelings kan gemaak word vanuit die studie se resultate. Eerstens, dat hierdie laerskoolleerders ondersteun moet word om emosies effektief te kan kommunikeer. Tweedens word emosionele en akademiese ondersteuning by die skool aangemoedig vir kinders wat dit nodig het. Dit is reeds beskikbaar by die betrokke skool, daarom behoort kinders aangemoedig te word om die beskikbare ondersteuning te gebruik. Derdens is ondersteuning, effektiewe kommunikasie en konflikoplossing baie belangrik in die familie asook met vriende. Hierdie behoort gemodelleer te word en kinders gehelp te word om effektief verhoudings te kan bou. Vierdens behoort die kinders gehelp te word met die effektiewe hantering van bekommernisse. Ondersteuning en aanmoediging ten opsigte van gesonde wyses van ontspanning is veral belangrik, die gevare van emosioneel eet behoort verduidelik te word en mediablootstelling behoort gemonitor te word. Elke kind behoort ondersteun te word om effektiewe maniere te vind om emosies te

kommunikeer wat vir hulle sal werk. Aanmoediging en ondersteuning vir die effektiewe hantering van bekommernisse van familie en die skool is dus baie belangrik.

Die doel van die studie is dus bereik deurdat alledaagse bekommernisse en die hantering daarvan by die spesifieke groep laerskoolleerders geïdentifiseer is. Hierdie resultate kan gebruik word vir die bewusmaking van ouers en onderwysers by die spesifieke skool waar die studie uitgevoer is, om ondersteuning in hierdie verband te bied. 'n Werkswinkel sal aangebied word om bewusmaking hieroor te verseker.

2. AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Verdere navorsing met betrekking tot alledaagse bekommernisse en die hantering daarvan, deur kinders van alle ouderdomme, behoort onderneem te word. Dit is belangrik dat ondersoek verder ingestel word oor die effektiwiteit van huidige wyses van hantering van bekommernisse. Indien dit sou blyk dat hantering nie effektief is nie, sou gepaste wyses vir hantering ondersoek kan word.

Die benutting van ander navorsingsmetodes en -ontwerpe word ook aanbeveel vir verdere navorsing.

3. SAMEVATTING

Literatuur bevestig dat alledaagse bekommernisse algemeen voorkom by laerskoolleerders en spesifiek ook in die middelkinderjare. Nadat 'n spesifieke skool in die Helderberg-kom die navorser genader het, is daar besluit om die alledaagse bekommernisse en hantering daarvan by laerskoolleerders in hierdie spesifieke skool te ondersoek, ten einde 'n bewustheid hieroor te kweek sodat die nodige ondersteuning aan hierdie kinders gebied kan word. Uit die studie blyk dit dat laerskoolleerders verskeie alledaagse bekommernisse ervaar, wat onderskeidelik op inter- asook intrapersonlike vlak voorkom asook op hierdie vlakke hanteer word.

Dit is belangrik dat kinders ondersteun moet word met die hantering van hul bekommernisse. Die resultate van hierdie studie sal dus aan die betrokke skool bekend gemaak word, sodat ouers en onderwysers bewus gemaak kan word van wat presies hierdie laerskoolleerders se alledaagse bekommernisse is asook hoe hulle dit hanteer. Op so 'n wyse kan 'n bewustheid rakende die bekommernisse van die leerders en die wyse waarop hulle dit hanteer, geskep word. Hierdie bewustheid by veral ouers en onderwysers kan moontlik lei tot beter begrip en ondersteuning in hierdie verband.

BRONNELYS

Bierman, K.L., Dodge, K.A., Greenberg, M.T., Lochman, J.E., McMahon, R.J. & Pinderhughes, E.E. 2011. When children have trouble making friends. Durham: NC.

Charlesworth, L., Wood, J. & Viggiani, P. Chapter 5: Middle Childhood: Sage Publications.

http://www.sagepub.com/upm-data/16297_Chapter_5.pdf. Datum van gebruik: 15 September 2012.

Cherry, K. 2012. Erikson's theory of psychosocial development - psychosocial development in infancy and early childhood. The New York Times Company.

<http://psychology.about.com/od/psychosocialtheories/a/psychosocial.htm>. Datum van gebruik: 26 Mei 2012.

Cresswell, C. & Willetts, L. 2007. Overcoming your Child's Fears & Worries. London: Constable & Robinson.

<http://0web.ebscohost.com.oasis.unisa.ac.za/ehost/pdfviewer/pdfviewer?vid=6&hid=106&sid=66e8ab06-3e1f-4e9b-8dfb-080c37bbfbf6%40sessionmgr111>. Datum van gebruik: 13 September 2010.

D'amico, D. & Barbarito, C. 2010. Pearson: health & Physical assessment in nursing. Pearson Education Inc.

http://wps.prenhall.com/chet_damico_healthand_1/43/11164/2858232.cw/index.html. Datum van gebruik: 6 Oktober 2011.

DeGeorge, J. 2011. Plenty to worry about: children and stress. US Department of Education.

<http://www.dcmp.org/caai/nadh257.pdf>. Datum van gebruik: 26 Mei 2012.

Field, A.P. & Davey, G.C.L. 2001. Conditioning models of childhood anxiety (In Silverman, W.K. & Treffers, P.D.A. eds. Anxiety disorders in children and adolescents - Research, assessment and intervention. UK: Cambridge University Press. p.187-190).

Flander, G.B. 2011. Stress in Childhood. Child protection of Zagreb. Croatia.
<http://www.poliklinika-djeca.hr/english/contact/>. Datum van gebruik: 27 Mei 2012.

Freeman, B. 2011. Child development Resources for Parents and Teachers: The Middle Schooler. South Carolina Department of Mental Health - Division of Children, Adolescents, and their Families.

Jewett, J. & Peterson, K. 2002. Stress and young children. At health Inc. ERIC/EECE Digests.
<http://www.athealth.com/consumer/disorders/childstress.html>. Datum van gebruik: 26 Mei 2012.

Kagan, J. & Gall, S.B. 2011. *The Gale Encyclopedia of Childhood & Adolescence: Child development*. Stanford: Children's Corporation.
<http://www.answers.com/topic/child-development>. Datum van gebruik: 10 Augustus 2011.

Louw, D. & Louw, A. 2007. Child and adolescent development: Bloemfontein: Psychology Publications.

Muris, P. 2007. Normal and abnormal fear and anxiety in children and adolescents. NY: Elsevier.

Nelson, R. 2012. *Erikson's Psychosocial stages of development*. Resources for students and professionals.
<http://www.psychpage.com/learning/library/person/erikson.html>. Datum van gebruik: 27 Mei 2012.

Oesterreich, L. 2003. Understanding Children: fears. *University Extension: Family life*: 8. November 2003. IOWA: IOWA State University.

Royal College of Psychiatrists. 2012. *Mental Health and Growing Up Factsheet - Worries and anxieties - helping children to cope: information for parents, carers and anyone who works with young people*. England.

Ryan, K.O. 2008. *Middle Childhood:1*. Learning Seed. Chicago.

Schonert-Reichl, K.A., Guhn, M., Hymel, S., Hertzman,C., Sweiss, L., Gadermann, A., Marriott, D., Burroughs, B., Calbick, J., Oberle, E., Smith, A., Pedrini, L. & Harvey, J. 2010. *Our Children's voices: The middle years development instrument. Measuring the developmental health and well-being of children in middle childhood*. Vancouver MDI.

BYLAE A
TOESTEMMING VAN ONDERWYSDEPARTEMENT

Audrey Wyngaard <Audrey.Wyngaard2@pgwc.gov.za> 10/3/11

to me

Dear Renee

Your proposal is in order. Could you please complete the attached form and e-mail it back to me with copies of the questionnaires that you might be conducting.

Regards

Dr Audrey Wyngaard

BYLAE B
TOESTEMMING VIR DEELNAME AAN NAVORSING

TOESTEMMING OM AAN NAVORSING DEEL TE NEEM

**DIE HANTERING VAN ALLEDAAGSE BEKOMMERNISSE DEUR
LAERSKOOLEERDERS IN DIE HELDERBERG-KOM**

U kind word gevra om deel te neem aan 'n navorsingstudie deur Renée Jansen van Vuuren, 'n student besig met die afhandeling van 'n Meestersgraad in Psigologie deur die Noord-Wes Universiteit. Die resultate van die studie sal bydra tot die finalisering van 'n tesis. U kind is gekies as moontlike deelnemer aan die studie, omdat hy/ sy in die middelkinderjare in 'n Laerskool in die Helderberg-kom is, en heel moontlik alledaagse bekommernisse ervaar.

DOEL

Die doel van hierdie studie is: om te bepaal wat laerskoolleerders in 'n spesifieke skool in die Helderberg-kom se alledaagse bekommernisse is, asook om te bepaal hoe laerskoolleerders hierdie alledaagse bekommernisse hanteer.

PROSEDURE

Indien u kind deelneem aan die studie, sal hy/ sy:

- Gevra word om aan 'n onderhoud met Renée Jansen van Vuuren deel te neem.
- Gedurende hierdie onderhoud mag die navorser moontlik notas neem en onderhoude gaan opgeneem word.
- Elke deelnemer se mondelinge toestemming sal voor elke onderhoud verkry word.
- Toestemming is ook by die Onderwysdepartement en betrokke skool verkry vir hierdie studie.

POTENSIËLE RISIKO'S EN ONGEMAKLIKHEDE

Indien u kind of u as ouer onder enige omstandighede ongemaklik voel of enige vrae het, sal ek beskikbaar wees om hierdie vrae te bespreek. Ondersteuning sal beskikbaar wees by die skool vir kinders wat dit mag nodig hê na die bespreking van bekommernisse.

POTENSIËLE VOORDELE AAN DEELNEMERS EN/OF DIE GEMEENSAP

Die navorser hoop dat hierdie studie deelnemers en die gemeenskap mag bevoordeel deurdat die bekendmaking van kinders in die laat middelkinderjare se alledaagse bekommernisse, asook hul hantering van hierdie bekommernisse, sal kan bydra tot ouers en onderwysers se bewustheid hier rondom, ten einde hierdie bekommernisse moontlik meer effektief te kan hanteer.

BETALING VIR DEELNAME

U kind sal geen betaling vir sy/ haar deelname ontvang nie.

VERTROULIKHEID

Die navorser sal alle identifiserende inligting rondom deelnemers betrokke by die opname van die studie, vertroulik hou. Dit sal slegs beskikbaar gestel word met u toestemming. Vertroulikheid sal volgehou word deurdat geen identifiserende aspekte soos name of vanne van die deelnemers beskikbaar gestel sal word nie. Die navorser sal na deelnemers verwys deur middel van nommers in die navorsingsverslag. Alle inligting verkry tydens die studie sal toegesluit word en slegs beskikbaar wees vir die navorser se gebruik. Onderhoude sal opgeneem word, en slegs die navorser sal toegang daartoe hê. Dit sal uitgewis word sodra die studie afgehandel is.

DEELNAME EN ONTTREKING

Deelnemers kan vrywillig deelneem aan die studie. U of u kind kan hom of haar egter enige tyd onttrek sonder enige nagevolge. U kind word nie gedwing om enige vrae te antwoord waarmee hy of sy nie gemaklik voel om te antwoord nie. Die navorser mag u kind enige tyd gedurende die studie vra om te onttrek indien sy mag voel dis nodig.

IDENTIFIKASIE VAN NAVORSERS

Kontak my, Renée Jansen van Vuuren, by 082 56 55 934, of my supervisor, Dr. Carlien van Wyk by 082 940 6690, gerus indien u enige navrae het omtrent die navorsing.

REGTE VAN NAVORSINGSDEELNEMERS

Toestemming om deel te neem aan die studie mag enige tyd onttrek word, en deelname kan gestaak word sonder nagevolge. Indien ongemak gedurende enige vrae mag ontwikkel, mag dit onbeantwoord bly sonder die staking van u kind se deelname aan die studie. Indien enige vrae rondom u kind se regte as navorsingsdeelnemer ontstaan, is u welkom om Dr. Carlien van Wyk te kontak by 082 940 6690.

HANDTEKENING VAN NAVORSINGSDEELNEMER

Die inligting hierbo is verduidelik aan my deur Renée Jansen van Vuuren in Engels/ Afrikaans en ek is hierdie taal magtig. Ek het die geleentheid gehad om vrae te vra. Alle vrae is tot my bevrediging beantwoord.

Ek, _____ (volle name van ouer van deelnemer) gee hiermee ingeligte toestemming dat my kind, _____ (volle name van deelnemer) vrywilliglik en met my toestemming mag deelneem aan die betrokke studie. Ek het 'n kopie ontvang van hierdie vorm.

HANDTEKENING VAN OUER VAN DEELNEMER

DATUM

HANDTEKENING VAN NAVORSER

Ek verklaar dat ek die inligting in hierdie dokument verduidelik het aan _____ (volle name van ouer van deelnemer). Hy/ sy is aangemoedig om vir my enige vrae te vra. Hierdie gesprek is afgeneem in Afrikaans en geen tolk is gebruik nie.

HANDTEKENING VAN NAVORSER

DATUM

CONSENT TO PARTICIPATE IN RESEARCH

CONSENT TO PARTICIPATE IN RESEARCH

THE HANDLING OF EVERYDAY WORRIES BY PRIMARY SCHOOL CHILDREN IN THE HELDERBERG AREA

Your child is asked to participate in a research study conducted by Renée Jansen van Vuuren, a student currently completing a Master's degree in Psychology through the Northwest University. The results of the study will contribute to the finalization of a thesis. Your child was selected as possible participant in this study, because he/ she is in the late middle childhood years in a Primary school in the Helderberg area, and possibly experiencing everyday worries.

PURPOSE

The purpose of this study is to determine what primary school learners in a specific school in the Helderberg area's everyday worries are, as well as how these primary school learners handle these everyday worries.

PROCEDURE

If your child participates in this study, he/ she will:

- Be asked to take part in an interview conducted by Renée Jansen van Vuuren.
- During this interview the researcher may take notes and interviews will be recorded.
- Every participant's verbal consent will be obtained before every interview.
- Informed consent has also been obtained from the Education Department and the specific school involved.

POTENTIAL RISKS AND DISCOMFORTS

If your child or you as the parent feels uncomfortable under any circumstances or has any questions throughout, I will be available to discuss these questions at any time. Support will be available at the school for children needing it after the discussion of worries.

POTENTIAL BENEFITS TO PARTICIPANTS AND/OR TO SOCIETY

The researcher hopes this study will benefit participants and society in that the disclosure of children's everyday worries and their handling thereof will contribute to parents' and teachers' awareness, so that they can help children handle these worries more effectively.

PAYMENT FOR PARTICIPATION

Your child will not receive any payment for participation in the study.

CONFIDENTIALITY

The researcher will keep any information or identifying particulars obtained during the course of this study confidential. It will be disclosed only with your consent. Confidentiality will be maintained in that no identifying particulars such as names or surnames of participants will be used. The researcher will refer to participants by means of numbers in the research report. All information obtained during this study will be locked away and only accessible to the researcher. Interviews will be recorded, and only the researcher will have access to the recordings, which will also be destroyed once the research is done.

PARTICIPATION AND WITHDRAWAL

Participants can volunteer for this study. Once they have volunteered, you or your child may withdraw him/ her at any time without any consequences. Your child is not compelled to answer any questions they do not feel comfortable answering. The researcher may ask your child to withdraw from the study if circumstances should render it necessary.

IDENTIFICATION OF RESEARCHER

Feel free to contact me, Renée Jansen van Vuuren on 082 56 55 934, or my supervisor, Dr. Carlien van Wyk on 082 940 6690, should any questions or concerns about the research arise.

RIGHTS OF RESEARCH PARTICIPANTS

Consent to participate in this study may be withdrawn at any time, and participation discontinued without consequences. Should discomfort surrounding particular questions arise, they can go unanswered without discontinuation of your child's participation in the study. Should any questions regarding your child's rights as research participant arise, you are welcome to contact Dr. Carlien van Wyk on 082 940 6690.

SIGNATURE OF RESEARCH PARTICIPANT

The information above was described to me by Renée Jansen van Vuuren in English and I am in command of this language. I had the opportunity to ask questions. All questions were answered to my satisfaction.

I, _____ (full name of parent of participant) hereby consent to participation of my child, _____ (full name of participant), voluntarily and with my consent, in this study. I have been given a copy of this form.

SIGNATURE OF PARENT OF PARTICIPANT

DATE

SIGNATURE OF RESEARCHER

I declare that I explained the information provided in this document to _____ (full name of parent of participant). He/ she was encouraged to ask me any questions. The conversation was conducted in English and no translator was used.

SIGNATURE OF RESEARCHER


DATE

BYLAE C
ONDERHOUDSKEDULE VIR SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE

1. Wys skets van iemand wat baie bekommerd is.



- 1.1 Hoe dink jy voel die kinders op hierdie prent? (Verduidelik term aan deelnemer.) Het jy al ooit so gevoel?
2. Wat laat jou die meeste so voel? Wat is die drie dinge waaroor jy die meeste bekommerd is?
3. Hoe laat daardie dinge jou voel? (Wys gevoelkaart-skets om te help verduidelik.) Wat presies gebeur met jou lyf wanneer jy so voel? Wat doen jy wanneer jy so voel?



4. Watter planne het jy al gemaak om jou te help om minder bekommerd te probeer voel? Hoe is dit vir jou om planne te moet maak omdat jy jou bekommer daaroor?

INTERVIEW SCHEDULE FOR SEMI-STRUCTURED INTERVIEWS

1. Show picture of someone who is very worried.



- 1.1 How do you think the children are feeling in this picture? (Explain term to participant.)


Have you ever felt this way?

2. What makes you feel this way mostly? What are the three things that you worry the most about?

3. How do those things make you feel? (Show feeling chart to help explain.)

What happens to your body when you feel that way?

What do you do when you feel this way?



4. What plans have you made before to help you feel less worried?

How is it for you to have to make plans because you worry about these things?

BYLAE D

TRANSKRIPSIE VAN 'N INDIVIDUELE ONDERHOUD

Vervolgens 'n transkripsie van 'n individuele onderhoud, asook notas wat tydens die proses van data-analise hierby gemaak is.

Onderhoud 13:

Navorser: Kyk na hierdie prentjie. Hoe lyk die mense vir jou?

Deelnemer 13: Upset.

Navorser: Ok. Lyk dit vir jou dalk of die dogtertjie aan iets dink? Miskien die ding waaroor sy upset is? Of lyk een van die ander meer upset? Nes jy dink... wat dink jy?

Deelnemer 13: Sy dink seker aan al die werk wat sy moet inhaal, en elke keer as sy probeer werk dan's 'n meisie langs haar en dan peuter sy die heelyd aan haar. Dan kan sy nie regtig konsentreer nie. – Skool: Skoolwerk, konsentrasie

Navorser: Ok. Dit kan wees ja. Het jy dalk al gehoor van die woord: “bekommerd”, om bekommerd te wees oor iets?

Deelnemer 13: Ja, ek ken daai woord.

Navorser: Dink jy hulle kan dalk bekommerd voel? Dis dalk goed wat hulle pla? Dit kan jou upset laat voel, soos jy sê, of miskien iets soos jy sê, wat sy graag wil klaar maak en miskien stres sy nou daaroor? (Sy knik.) Dink jy dalk eerder iets anders?

Deelnemer 13: Umm, sy, dat sy 'n beste maatjie het, maar dan dink hulle die heelyd aan haar in die klas, dan konsentreer sy nie aan haar werk nie. En dan partykeer voel sy nie of sy 'n maatjie wil hê nie, en dan partykeer wil sy. - Vriende

Navorser: Ok, so al daardie dinge kan miskien iets wees wat mens kan pla, né? As mens aanhou daaraan dink? Het jy dalk al so gevoel?

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: Kan jy miskien dink aan dit wat jou al die meeste bekommerd laat voel het?

Deelnemer 13: Umm, ek het eintlik die antwoorde gesê al.

Navorser: Ok, so dit wat jy netnou genoem het. Kom ons dink gou, aan haar werk wat sy moet inhaal. Was dit so met jou ook al, dat jy werk het wat jy moet inhaal, en dan pla iemand vir jou?

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Het dit jou toe gepla? Jou bekommerd laat voel? (Sy knik.) Jy kan dalk vir my op hierdie prentjies wys, hoe dit vir jou laat voel het? Jy kan meer as een ook kies?*

Deelnemer 13: Daai drie.

Navorser: *Ok. Hoe dink jy voel hierdie een?*

Deelnemer 13: Hy voel, unhappy.

Navorser: *En hierdie een?*

Deelnemer 13: Kwaad.

Navorser: *Ok. Was jy miskien kwaad vir daardie een wat jou pla? (Sy knik.) Hoe dink jy voel hierdie een?*

Deelnemer 13: Upset.

Navorser: *Is die ander gevoelens dalk oor jy die werk wil klaarmaak en jy is bekommerd daaroor, en die kwaad vir die een wat jou pla sê jy?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Was daar miskien 'n plan wat jy toe kon gemaak het, om jou te help om klaar te probeer kom met jou werk? Of dat jy bietjie beter voel daaroor?*

Deelnemer 13: Nee.

Navorser: *Kon jy vir die een wat jou pla sê sy moet ophou?*

Deelnemer 13: Ek het al baie keer, maar dan sê sy heeltyd: "Nee, nee, nee!" en goed. -

Hantering

Navorser: *So dit klink of dit nie eintlik help om met haar te praat nie. Kon jy miskien vir iemand anders gevra het om te help?*

Deelnemer 13: Nee.

Navorser: *En die ander ding wat jy vertel het, oor haar vriende?*

Deelnemer 13: Ja, partykeer as hulle baklei dan dink jy meer daaroor. Dan is jy nog al hoe upset-ter. **Vriende**

Navorser: *So pla dit vir jou partykeer, as jou maatjies baklei?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Baklei julle almal, of is dit meer jou maats wat baklei en dan is dit nie vir jou lekker nie?*

Deelnemer 13: Nee, dis net een maatjie.

Navorser: *Ok. Pla dit vir jou partykeer?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Hoe is dit dan vir jou?*

Deelnemer 13: Nie lekker nie.

Navorser: *Ek kan sien dit lyk nie lekker nie. En het dit al meer as een keer gebeur? Pla dit jou wanneer so iets gebeur, of is jy partykeer bekommerd dat dit weer kan gebeur?*

Deelnemer 13: Ja bekommerd daaroor.

Navorser: *Hoe is dit dan vir jou?*

Deelnemer 13: Baie sleg.

Navorser: *En is daar miskien 'n plan wat jy al kon probeer maak het daarmee? (Sy knik.)*

Deelnemer 13: Dat my ma sê altyd: "Vergeet en vergewe." En ek het 'n plan aan gedink, dat ons, as ons nie meer moet baklei nie, dat ons net al daai sake vergeet en as dit weer gebeur, moet ons net weet, ons moet dit net vergeet en weer vriende wees.

Navorser: *Dit klink of jy probeer vergeet wat gebeur het?*

Deelnemer 13: Ja, sê nou maar sy maak my seer, en dan sê sy jammer, en dan stop ons en dan gaan ons maar net verder. **Hantering**

Navorser: *En is dit altyd maklik om net te vergeet en aan te gaan? (Sy knik.) Dink jy nog steeds daarvoor partykeer na die tyd weer, al probeer jy vergeet ?*

Deelnemer 13: Ek dink nog steeds daarvoor partykeer.

Navorser: *Al probeer mens vergeet né, partykeer kan mens nie help nie. En hoe's dit dan vir jou, dat jy 'n plan gemaak het om te probeer vergeet, maar dan partykeer pla dit nog steeds 'n bietjie dalk ?*

Deelnemer 13: Wel, dis nogals lekker as dit nou so is en ek en sy is ok, maar, as ek healtyd daaraan dink, en dan, voel dit net soos iets, ek weet nie, dis net 'n weird gevoel. Ek kry dit net elke keer.

Navorser: *Dit klink of dit nog steeds elke nou en dan pla, oor die maats?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Is daar miskien nog iets wat jy aan kan dink, wat jou dalk partykeer nog bekommerd laat voel?*

Deelnemer 13: Wel, umm, dis, my ma en my pa. Partykeer, umm, soos wanneer ek klein was, ek kan nie ophou daaraan dink nie, dat, hulle was so kwaad vir mekaar, dat hulle die healtyd baklei het en soos aan mekaar geslaan het en alles. En ek kan nie ophou daaraan dink nie. – **Ouers konflik (fisies baklei)**

Navorser: *Sjoe. Het dit gebeur toe jy klein was, of gebeur dit nog steeds partykeer?*

Deelnemer 13: Toe ek klein was, maar nou, my ma en my pa het al ek dink vir 'n week vir mekaar kwaad was net omdat my pa het nie... my ma werk vir my pa, en my pa het sy eie besigheid. En toe, nou het my ma my pa gebel en gevra of hy asseblief haar kan kom haal, toe sê hy: "Nee, jy moet asseblief vir iemand anders gaan vra, ek is bietjie besig." Toe is my ma kwaad en toe gaan hulle baklei en hulle raas op mekaar.

Navorser: *Is jy miskien partykeer bang as hulle baklei, dat dit weer so gaan wees soos toe jy klein was miskien?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Hoe is dit vir jou?*

Deelnemer 13: Nie baie lekker nie. Partykeer is ek bang om vir hulle iets te vra. - **kommunikasie met ouers**

Navorser: *Sommer enige iets wat jy wil vra?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Is dit as hulle besig is om te baklei? (Sy knik.)*

Deelnemer 13: Partykeer in die movies is, daar's mos movies wat kinders mos vir hulle ma's iets vra dan maak hulle hulle per ongeluk mos seer of iets, dis hoekom ek wil nie vir hulle sê: "Stop!" en goed nie want... - **Veiligheid**

Navorser: *Is jy miskien bang om met hulle te praat oor die bakleiery? Jy wil eintlik sê hulle moet ophou?*

Deelnemer 13: Ja. Ja.

Navorser: *Ek kan dink dit kan nie lekker wees nie. Pla dit vir jou wanneer hul baklei, of elke nou en dan, wanneer jy dalk bang is hulle baklei weer?*

Deelnemer 13: Ja, elke nou en dan.

Navorser: *Kon jy dalk al 'n plan maak met daai gevoelens? (Sy skud haar kop.) Jy sê jy kan nie eintlik met jou ouers gesels hieroor nie. Kon jy dalk al met iemand anders gesels het?*

Deelnemer 13: Nee. Umm, die enigste een wat ek mee gesels is my diary. - **Hantering**

Navorser: *Ok. Skryf jy neer oor jou gevoelens en wat dalk pla?*

Deelnemer 13: Ja. En wat het gebeur en alles.

Navorser: *Ok. Dis miskien 'n goeie plan, as mens kan skryf oor iets, dan voel mens miskien beter daaroor.*

Deelnemer 13: Ja, dis wat ek doen.

Navorser: *Hoe is dit vir jou om partykeer te gaan skryf oor daai gevoelens?*

Deelnemer 13: Wel, ek skryf dit, dan voel ek 'n bietjie beter omdat ek dit vir iemand dan vertel het, maar, ja...

Navorser: *Dit klink of dit dan wel weer vir jou pla partykeer daarna?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Is daar dan iets anders wat jy dalk al kon probeer het met daardie gevoelens?*

Deelnemer 13: Umm, nie rerig nie.

Navorser: *Ok. Is daar partykeer iets wat jy kan doen, vir jouself miskien? Om te probeer bietjie beter voel?*

Deelnemer 13: Wel, as ek partykeer soos water op my gooi en dan dink ek net oor iets anders, maar partykeer kom dit op, partykeer nie. - **Hantering**

Navorser: *So dan as jy ietsie probeer dan pla dit jou dan dalk weer later?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Ok. Dis al my vragies wat ek hier het vandag. Is daar dalk nog ietsie wat jy aan kan dink, wat jou al so bekommerd laat voel het?*

Deelnemer 13: Wel, nogals my boetie, my klein boetie..

Navorser: *Wat laat vir jou bekommerd voel van hom?*

Deelnemer 13: Ek verstaan nie, ek huil net die heelyd as ek daaroor dink, maar party kinders sê hy's 'n babatjie, maar hy praat soos 'n baba, hy is Engels, maar hy is net so gebore. Hy is vol liefdevol, maar almal sê hy's 'n baba en goeters, dan terg hulle hom.

Navorser: *Ok, so is hy nog so oud soos 'n baba, of is hy al eintlik ouer?*

Deelnemer 13: Hy's in graad een. In hierdie skool.

Navorser: *Dit klink vir my mense is eintlik lelik dan, is hulle lelik met hom daaroor, of is hulle lelik met jou?*

Deelnemer 13: Hulle is lelik met hom. **Boelie-gedrag/ terg**

Navorser: *Ek kan sien dit pla vir jou. Jy't gese jy huil partykeer daaroor ? Is dit vir jou nogal sleg?*

Deelnemer 13: Soos umm, drie dae terug het sy vriende, maar dis mos nie ons kleur nie, maar dis die enigste seuntjies wat daar is wat hy met kan speel, hulle het hom geterg en gesê: "Hy's 'n baba!" en goeters, en hulle't vir hom gelag en goed en dan slaan hulle hom en dan hardloop hulle weg. En ek sê vir hulle: "Hou op! Hou op!" maar toe wil hulle nie luister nie, en dan sê hulle: "Nenenenene!" en dan vir my en dan praat hulle terug met my, toe kom my pa en toe sort my pa hulle uit, maar hulle, die ander seuntjie het in die tunnel weggekruip toe. En elke aand dan roep my boetie my dan sê hy vir my: "Can I sleep with you?" - **Konflik met vriende, boelie-gedrag**

Navorser: *Ok, dink jy hy's bietjie bang om alleen te slaap miskien? (Sy knik.) Laat jy hom dan by jou slaap?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Is dit. So dit klink of jy partykeer vir hom probeer help, soos jy sê jy raas met die ander kinders as hulle lelik is..*

Deelnemer 13: Hulle hou net aan, al die kinders, hulle backchat my. Dis of ek net, ek weet net nie wat nie, ek's net, 'n ghost. ***** aanvaarding?**

Navorser: *Asof hulle net nie vir jou luister of hoor nie?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Sjoe. So daai klink al soos 'n plan wat jy probeer het, om vir hulle te sê hulle moet ophou, is daar miskien nog iets wat jy al probeer het, as dinge soos die gebeur?*

Deelnemer 13: Umm, nie rerig nie, maar, my boetie probeer, kyk hier né, partykeer - my boetie huil baie maklik. En soos, as iemand net soos vir hom iets soos sê of 'n klap gee dan begin hy huil. Ja.

Navorser: *Pla dit vir jou partykeer? Dat hy so maklik huil?*

Deelnemer 13: Ja. Wel ek huil ook so maklik. Ek het eintlik 'n baie sensitiewe hart, gevoelens en.. ja.

Navorser: *Party mense wys mos makliker hul gevoelens eintlik as ander né? Pla dit vir jou partykeer?*

Deelnemer 13: Baie. As maatjies nie, as sê nou as iemand sê: “Ek wil nie meer met jou speel nie,” dan begin my hele system binne my, begin so op te warm, dan begin ek net so trane bars in trane uit. En dan pla dit vir my want dan sê hulle vir my hulle spoonfeed altyd vir my en sulke goeters en dan, ek moet begin ophou met sulke goed, en ja..- **Huil**

Navorser: *Sjoe. En dan's hulle amper lelik met jou daaroor ?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Ok. So pla dit vir jou as jy voel jy gaan nou begin huil en jy wil dalk nie op daai oomblik huil nie, of is jy bang partykeer dat jy gaan dalk begin huil?*

Deelnemer 13: Nee ek huil rerig en goeters, maar ek wil nie, en dan elke keer as ek probeer huil dan het ek hierdie weird gevoel in my hart, en dan voel dit net of daai, soos 'n weird ding net deur my kom en dan, maar dan bars ek net uit in trane, en ek kan nie ophou nie. Wanneer ek eers probeer dan wil dit nie eers maak nie. Dan maak ek, dan huil ek nog steeds. – **Kan nie emosies wegsteek nie al wil sy**

Navorser: *En, dit klink of jou boetie ook so maklik huil?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Is jy partykeer dalk bekommerd vir sy part, as hy nou so gaan huil dat die ander maatjies nog meer lelik met hom is? Of wat pla vir jou daarvan?*

Deelnemer 13: My boetie, ja.

Navorser: *Kon jy al 'n plan probeer maak het, oor die, soos jy sê dat jy maklik huil, as jy voel jy gaan so huil?*

Deelnemer 13: Ek het al probeer maar dit werk nie.

Navorser: *Wat het jy al probeer?*

Deelnemer 13: Umm, ek het al probeer inasem haal, en net my oë toemaak dat daar nie trane sal loop nie, maar dit help nie, dan traan dit net so deur en dan begin ek net huil. Soos, laas keer wanneer my beste maatjie, se verjaarsdag was, en toe het sy nou, umm, ek was haar eerste maatjie en toe ontmoet sy 'n ander maatjie en 'n ander maatjie maar sy't nie my uitgenooi toe nie. Sy't vir my gesê sy gaan net een maatjie uitnoui en dis haar maatjie by die skool, en dis al. Maar ek was ok daarmee, maar toe nooi sy die ander maatjie wat sy heel laaste ontmoet het, en sy't vir my gejok en gesê dat sy net vir haar 'n present gaan gee vroegoggend by die huis, en ek kom en toe kom sy nou, en sy sê: “Hier's jou present,” en toe gaan kruip sy weg by die boom en toe gaan ek huistoe. En toe gaan hulle net partytjie toe. En toe ek daar gaan speel toe sien ek hulle al drie sit net daar, en hulle praat nou oor goeters en dan vra ek vir hulle wat praat julle oor, en dan ignoreer hulle my, hulle soos plat

plat plat. En dan begin ek agter te kom: Wag maar, hoe weet sy wat by die partytjie aangegaan het as sy nie daar was nie, en toe het ek net huistoe geloop. En toe huil ek by my pa. – **Konflik met vriende, aanvaarding, vertrou (jok)**

Navorser: *Sjoe, so dit klink of hulle eintlik lelik was met jou en hulle het vir jou gejoj?*

Deelnemer 13: Ja. Toe gaan ek self na haar toe en ek sê ek weet van die partytjie, en ek weet dat jy vir my gejoj het en alles, en toe het sy so sleg gevoel né, maar sy't net so stilgebly, jy kon op haar gesig gesien het né? Sy't net stilgebly, en nou ignoreer sy my net heeltyd en die heeldag. En nou kan ek nie ophou aan dit dink nie. Dit lyk of sy net vir my kwaad is.

Navorser: *Sjoe. Dit klink of toe dit gebeur het, wou jy toe eerder op jou eie gewees het, toe jy eerder huistoe gegaan het?*

Deelnemer 13: Ja. Want ek het nou, ek kon nie nou vir almal wys ek huil nie, want amper almal was nou daar, en toe het ek nou net soos, ek het gehuil toe ek by die trappe afgegaan het, toe het ek net weggehardloop, voor ek uitbars in trane. Toe huil ek by my pa.

Navorser: *Ok, en het dit 'n bietjie gehelp toe jy by jou pa gehuil het? Dis partykeer goed om te huil, maar ek kan verstaan jy's nie altyd lus om by almal dit te doen nie.*

Deelnemer 13: Ja. Hmm.

Navorser: *Kon jy miskien probeer het om weer met haar te praat? Soos jy sê jy's bang sy's kwaad vir jou?*

Deelnemer 13: Ja ek het al probeer. Ek stuur vir haar sms'e, en elke keer wat ek na haar toe gaan, dan is hulle nie eers daar nie. Dan stuur ek heeltyd vir haar sms'e maar sy stuur nooit terug nie. My hele airtime het ek vir haar gestuur! - **Hantering**

Navorser: *Is dit. So dit klink eintlik of sy jou nou ignoreer? Sy praat nie terug met jou nie?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Hoe is dit vir jou?*

Deelnemer 13: Nie lekker nie. En daar is nog 'n ding wat my pla, rerig egtig my pla. Kyk hier my pa né, umm, hy't nou bietjie gecalm down, toe sê hy dat ons gaan nou bietjie gaan ry, ek het saam met hom na sy werk toe gery, né, en toe ry ek nou saam, maar wanneer ek klein was, was daar altyd soos 'n 'mom versus dad'. Daar was sulke ding né, en my pa, maar ek weet nou nie wat ek gedoen het nie, ek het 'n groot mistake gemaak, en ek probeer net dit regmaak maar ek weet nou nie hoe nie. Dit is net nie lekker vir my nie, want wanneer ek klein was, umm, ek's net een kind, my pa sê vir my: "Is jy dan aan jou ma se kant?" Toe sê ek vir hom: "Nee nee nee ek's jou kant," maar nou as ek na my ma toe gaan dan sê sy ek is aan haar kant; ek het 'n groot mistake gemaak. Wanneer ek klein was.

Navorser: *Sjoe, dit klink baie moeilik. As jy sê jy't 'n groot mistake gemaak?*

Deelnemer 13: Dis net 'n groot ongeluk, ek probeer alles regmaak maar ek weet nie hoe nie. En nou, as hulle nou so baklei, dan sê my pa heeltyd: "Weet jy wat jou ma gedoen

het..dit en dit.. ‘ en as ek by my ma is dan sê sy alles wat my pappa verkeerd gedoen het.. en dan probeer my pa weg van ons vat van my ma af, om al hierdie fun goed te doen soos gaan loop, roomys gaan eet en alles, maar my ma kan niks doen nie want sy’t nie ‘n kar nie, sy’t nie licence nie, sy het haar learners, maar.. ja sy kan niks doen nie al wat sy kan doen is by die huis. My pa kan gaan uity en alles doen wat hy wil.

Navorser: *So as jy sê ‘mom versus dad’, is dit asof hulle elkeen jou probeer kry aan hulle kant? Pappa doen lekker goed met jou dat jy aan sy kant moet wees miskien?*

Deelnemer 13: Ja. Ja. En, ek sou eintlik dit vir niemand vertel het nie, vir niemand, nie eens my ma’le of my familie nie, maar ek weet Tannie probeer my help so ek sal dit vir Tannie vertel...want ek trust vir Tannie. Ok umm, dis ding is eintlik, umm, ek is baie lief vir my pa, maar ek wou altyd die tension hê, en elke keer as my pa lekker goed doen, wil ek altyd saam met hom gaan, dan vergeet ek heeltemal van my ma, en dan doen ek en hy lekker goed maar elke keer as ek by my ma is, dan vertel sy my goeters en dan voel ek partykeer embarrassed, as sy voor my vriendinne praat. Ek’s eintlik baie nuuskierig.

Navorser: *As sy vir jou hierdie goed vertel, embarrass dit jou dan, dit wat sy vertel?*

Deelnemer 13: Ja. Partykeer dink ek sleg oor my ma... partykeer doen ek nie... **Konflik tussen ouers, gevoel teenoor ouers**

Navorser: *Pla dit partykeer vir jou?*

Deelnemer 13: Baie. Maar nou, probeer ek alles regmaak, maar ek weet net nie hoe nie. Hoe gaan ek alles regmaak? Ek voel nie hulle moet baklei nie, maar ek wou altyd dit gehad het, maar nie meer nie, want ek wou toe ek klein was, ja alles het eintlik gebeur toe ek klein was! Umm, kyk hier, ons het ‘n Oom en ‘n Tannie gehad, nie eens soos regtig my familie nie maar ja, en my pa het altyd ons daarna toe gevat né, maar jissie, ek kan nie glo ek het dit regtig gesê nie, dat, ek wil nie eens my ma hê nie. Ek wou net soos in, ek het toe vir hulle gesê dat my ma is lelik met my en goeters, en my ma en my pa het amper geskei daaroor. En toe het hulle nie geskei nie, maar , want die Here was mos aan hulle kant, maar dit pla my so baie en ek kan nie glo ek het dit rerig gesê nie. En nou weet ek nie meer wat om te doen nie, nou onthou hulle al daai goeters, wat gebeur het, want ek het nou per ongeluk die hele moment nou ge’ruin’. Ek het nou per ongeluk nou so gesê. Ek is soos, umm, ek sien julle is weer terug? Julle moet sien julle is terug, moet nou nie onthou die verkeerde goed onthou nie, toe sê ek net dit, en nou het alles nou ge’ruin’. Nou begin hulle weer baklei.

Navorser: *Dink jy regtig dat hulle baklei net oor wat jy gesê het? As hulle klaar voor die tyd ook baklei het?*

Deelnemer 13: Umm, ek’s nie seker nie. Maar ek dink hulle baklei ook oor wat ek vir hulle laat onthou het en dat my pa verkeerd gedoen het, en my ma, maar my pa sê nooit jammer nie, dis hoekom dit my ma upset.

Navorser: *Ek dink mens is partykeer bang hulle baklei so oor iets wat jy gedoen het of iets wat jy gesê het, maar dit klink tog vir my of daar meer aan die gang is? Of dit nie net kan wees oor wat jy gesê het nie?*

Deelnemer 13: Ja..

Navorser: *Het jy dalk al weer probeer praat met Mamma of Pappa daaroor?*

Deelnemer 13: Nie rerig nie. Ek's eintlik bang om met hulle te praat. Want my ma is so streng, né, sy maak my omtrent huil, as ek net iets sê, né, as ek soos sê nou maar vir haar moet iets sê né, soos ek sê nou vir haar iets, maar dit klink nie vir my soos nonsens nie, dan sê sy vir my: "Ag man dis mos net nonsens man, hou nou op." Maar dit is nie vir my so nie. Dis rerig nie vir my so nie. - **Ouers**

Navorser: *Dis miskien vir jou belangrik, wat jy gesê het?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Ek wonder, of jy dalk kan probeer met Mamma of met Pappa praat? Dalk kan hulle vir jou verduidelik dit gaan nie net oor wat jy gesê het nie, en as dit hulle pla kan julle dalk daaroor gesels.?*

Deelnemer 13: Ek's eintlik baie bang. Ek kan nie met hulle gesels nie. **Ouers, kommunikasie, verhouding met ouers**

Navorser: *Voel jy jy kan nie oor enige iets met hulle gesels eintlik nie?*

Deelnemer 13: Ja. En my pa, ek praat eintlik met my pa, maar elke keer, hy is so in rugby in, ek haat dit as hy rugby kyk. En as ek met hom praat dan sê hy: "Uh-huh, ok, ok. Yay, go!" Dan konsentreer hy net op die rugby - elke dag is dit net rugby. Partykeer voel ek hy gee nie eens regtig om vir my nie, omdat hy heelyd net op sy werk en sy rugby konsentreer. En hy konsentreer nie na my nie. Dis asof hy net werk, maar as ek regtig, soos sê nou maar my neus bloei, soos laas keer het regtig my neus gebloei, en my oog het ook hierso 'n snytjie gehad, en my pa was besig met sy werk, toe sê ek vir hom, toe sê hy: "Ja, go go," toe was hy besig met sy werk. Toe het my ma vir iemand gekry om my te vat hospitaal toe. Maar gelukkig was my oog nie heeltemal af nie. As jy kan sien: daar's 'n gat daar.- **Verhouding met ouers, kommunikasie**

Navorser: *Sjoe regtig?*

Deelnemer 13: Ja, daar's 'n gap daar.

Navorser: *O ek sien waar die snytjie was?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Dit klink vir my daar's baie dinge aan die gang by die huis met Mamma en Pappa wat baklei en dinge wat jou pla.. ek wonder of jy nie tog êrens moet probeer met hulle gesels oor wat pla nie?*

Deelnemer 13: Ek het al probeer, maar dis nie maklik nie.

Navorser: *En dan as jy al probeer het, hoe het dit dan gegaan?*

Deelnemer 13: Nie goed nie.

Navorser: *So dit voel vir jou dit werk nie eintlik om met hulle te gesels nie?*

Deelnemer 13: Ek het al vir my ma gesê hulle moet ophou baklei en goeters, dan sê sy net vir my: “Nonsens, ons baklei nooit, skat!” En dan baklei hulle rerig. Hulle het al weer baklei, dan sal ek sê: “Asseblief moet nie baklei nie,” want ek voel sleg daarvoor nog altyd, en dan sê sy: “Nonsens, ons doen nie.” - **Hantering, kommunikasie met ouers**

Navorser: *So dis asof sy nie eintlik daarvoor wil praat nie?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Sjoe. Is daar miskien iets anders wat jy al probeer het? Soos 'n plan wat jy al probeer maak het met daardie gevoelens?*

Deelnemer 13: Wel, ek het al 'n dom plan gemaak... dit was nie eintlik 'n baie goeie plan nie. Ek het eintlik kaartjies gemaak, en gift cards en alles gedoen, en my hele salaris met dit gekoop. Umm, om te sê dit is van my ma af en dis van my pa af, en toe het my ma iets vir my pa gegee so, en ja.. toe kom hulle agter my handskrif.

Navorser: *So jy het eintlik hulle probeer help om nie te baklei nie?*

Deelnemer 13: Ja. Toe kom hulle agter my handskrif, toe raas hulle met my, en toe is ek nou alleen in my kamer en ek kan niks doen nie. - **Hantering**

Navorser: *Het jy gekies om eerder alleen in jou kamer te bly of moes jy?*

Deelnemer 13: Ek moes.

Navorser: *Sjoe. So dit klink of jy wel al dinge probeer het dat hulle minder baklei. Ek dink dis partykeer baie moeilik want mens wil nie hê dit moet gebeur nie, maar ek dink as hulle die heelyd baklei, weet ek nie of mens regtig iets kan doen om dit te verander nie, al wil mens baie graag? Wat dink jy?*

Deelnemer 13: Wel, ek dink ek wil baie graag. En, kyk hier, partykeer is ek eintlik, so partykeer nie, kyk hier, ek love die een Juffrou, en love net haar vak, dis soos my gunsteling vak. Dan doen ek meer werk in daai, maar nie al my ander werk nie want ek hou nie van daai Juffrou nie, want my Juffrou is baie kwaai. My ma hou nie eens van haar nie, toe sy die hoof gaan sien het né, dat al die Juffrouens, hul weet nie hoe ek verbeter nie, hul skryf my aspris goeters op. Soos wat my ma'le se skuld is, nie myne nie. Soos my huiswerkboek is nie geteken nie, en ek is laat vir skool, sulke tipe goed.

Navorser: *Sjoe. Wat pla vir jou daarvan, as so iets gebeur?*

Deelnemer 13: Wel, dit pla vir my baie, dit is net, soos ek word... dit sê vir my die Juffrouens hou nie eintlik van my nie, dit sê vir my dat hulle skryf net vir my op vir niks, wanneer ek eintlik niks verkeerd gedoen het nie. **Skool, straf: onregverdig? Verhouding met onderwyser, gevoel teenoor skool, neem straf persoonlik op**

Navorser: *So pla dit vir jou dat die Juffrouens so kwaai is, of wanneer hulle met jou raas?*

Deelnemer 13: Ja. En soos, as ek hard werk - ek het 'n papier gevat toe skryf ek sulke opsommings daar, toe vou ek dit en toe is dit soos 'n cool ding - jy sê soos prentjies en dan vou jy dit op, dan's dit sommetjies, dan moet ek dink wat dit is en tel en goeters, maar dan maak ek dit oop dan kyk ek of ek dit reg het. Maar dan sê Juffrou dis 'n briefie. Dan dink Juffrou dis 'n briefie maar sy lees nie eens die goed nie, dan word ek opgeskryf vir dit. Want ek skryf briefies in die klas.

Navorser: *Kon jy probeer vir Juffrou verduidelik wat jy eintlik gedoen het?*

Deelnemer 13: Ja ek het, kyk hier - elke keer as ek, ek het al probeer om vir haar te sê: "Maar Juffrou dis nie 'n briefie nie," dan sê sy : 'Uh-huh gaan sit, ek wil nie jou hoor nie, ' dan skryf sy net my op.

Navorser: *Dit klink vir my of party juffrouens maar nogals kwaai is?*

Deelnemer 13: Ja. My ma't gesê toe hulle die hoof gesien het, toe sê Mamma sy kan sien hoe streng die Juffrou kan wees, sy's nie 'n lekker Juffrou nie. My ma het al vir my gesê.

Navorser: *Aan die begin het jy vertel van die een Juffrou wat jy baie van hou - pla dit vir jou partykeer dat jy net van een baie hou maar nie van die ander nie?*

Deelnemer 13: Nogals.

Navorser: *Wat pla vir jou daarvan?*

Deelnemer 13: Dit is net soos, ok ek hou van hierdie een Juffrou, maar ek wil ook van die ander Juffrouens hou en dit, maar as hulle nie vir my kan wys dat hulle is 'n goeie Juffrou nie, dan kan ek nie van hulle hou nie, maar ek wil. En nou het my ma gesê omdat ek soveel inskrywings gekry het vir niks, en nou is dit, nou moet ek soos my toets en goeters opbring, en dan moet ek meer as 60% kry. Nou moet ek nog harder werk. Nee, meer as 70%. [Moet presteer](#)

Navorser: *So voel dit vir jou of jy klaar hard werk?*

Deelnemer 13: Ja, dit voel of ek elke liewe dag, my ma't vir my sulke website gegee, dit is waar jy alles leer, en ek het al die hele blad - dis soos 'n boekie en jy tik dit op dit dan maak jy al die blaaie oop - dis soos 'n 1000 en goed, en ek het alles gedoen in die hele twee weke. Voordat ons die toets geskryf het. En daar was 'n paar antwoorde wat Juffrou verkeerd gemerk het wat eintlik reg was, so ek kon 'n goeie punt gekry het maar Juffrou wil net nie vir my luister nie. Ek dink sy doen dit aspris om net my agter te hou. – [Neem persoonlik op](#)

Navorser: *Sjoe! Het jy al probeer praat met die Juffrouens wat jou pla, of met Mamma daaroor?*

Deelnemer 13: Ek het met my ma gepraat maar nie met die Juffrouens nie. - [Hantering](#)

Navorser: *Ok. En as jy met Mamma praat, help dit nie eintlik dan nie?*

Deelnemer 13: Partykeer doen dit, partykeers nie. As dit haar gunsteling Juffrou is dan nie.

Navorser: *Ok, sjoe. So het jy al 'n plan probeer maak om te help dat dit bietjie beter voel vir jou?*

Deelnemer 13: Nee. Nie rerig nie, dis nie maklik nie. Dis eintlik baie moeilik.

Navorser: *Ek kan dink. Miskien kan jy bietjie gaan dink die naweek, wat se plan kan jy miskien maak?*

Deelnemer 13: Maar dis nie rerig maklik nie, want Juffrou wil nie eens met my praat nie. Dis asof, dis dieselfde soos met die seuns met my boetie, dis asof ek net 'n spook in die huis is. Almal kan net reg deur my loop en sê: "Gaan net!" **Emosies, beïnvloed self-konsep? ****

Aanvaarding

Navorser: *Asof hulle nie rerig vir jou sien of rerig vir jou luister nie?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *Sjoe, ek kan dink dis glad nie lekker nie.*

Deelnemer 13: Baie.

Navorser: *Gaan dink dalk bietjie wat kan jy doen, om dit vir jouself bietjie beter te maak, iets wat vir jou sal laat beter voel op daardie oomblik?*

Deelnemer 13: Hmm. Seker. En, partykeer wanneer my pa vir my sê, ek is baie rof, dan partykeer dan voel ek net of ek kan nie soos 'n ordentlike kind wees nie dan's ek bang om na partytjies en so te gaan. My pa sê elke keer: "Jissie, jy's baie rof!" Dan's ek bang om na partytjies te gaan want dan dink ek ek gaan baie hard daar wees, en dan gaan almal weird oor my dink. **Aanvaarding (portuurgroep)**

Navorser: *As jy sê jy's nie 'n "ordentlike kind" nie, het iemand dit vir jou gesê? Of is jy bang daarvoor?*

Deelnemer 13: Ek's bang daarvoor. Want my pa sê ek's baie rof.

Navorser: *Voel dit vir jou as jy rof is, of dit beteken jy's nie ordentlik nie?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *En, as jy sê dit pla vir jou, is jy bang die maats hou nie van jou nie?*

Deelnemer 13: Nogals.

Navorser: *So dis asof jy amper bang is om jouself te wees? Of om eintlik te doen wat jy eintlik van hou?*

Deelnemer 13: Ja. Eintlik, ek, kyk hier, my vriende hou niks van, ek is soos 'n tomboy. Ek's soort van 'n tomboy. Ek hou daarvan om met karre te speel, ek hou daarvan om rond te hardloop en om te tackle, ek hou van sulke tipe goed. Maar meisie vriende, hulle is altyd so, jy weet: net glamorous en goed. Hulle is nie rerig sulke tipe goed nie, wat EK van hou nie.

Navorser: *Kan jy miskien dan met iemand anders sulke goed gaan speel?*

Deelnemer 13: Nee, daar's nie eens Een vriend nie. Dit voel of ek die enigste meisie, in die hele wêreld is wat hou van sulke tipe goed.

Navorser: *Ok, sjoe, en hoe laat dit vir jou voel?*

Deelnemer 13: Eintlik moet ek nogals sê, voel dit eintlik vir my lekker, partykeer dink ek : ‘Nee dit is nie lekker nie,’ want dan kan ek met niemand myself wees nie, maar partykeer is dit lekker want dan partykeer dink ek aan : ‘Ek ‘s die enigste meisie wat umm, sulke tipe goed kan doen, dan kan ek soos in die nuus wees.’ Soos die eerste meisie wat mos die hoogste gespring het, dit was mos orals. Maar ja, partykeer dink ek daaraan. Maar dan partykeer, is dit nie lekker nie, want dan moet ek nie myself wees nie.

Navorser: *So dis amper asof jy eintlik daarvan hou dat jy so bietjie anders is eintlik né? Want dit maak vir mens spesiaal dink ek, as mens anders is?*

Deelnemer 13: Eintlik, want Jesus het jou so gemaak. Jy is spesiaal the way you are.

Navorser: *Ja. Maar dan klink dit vir my partykeer voel jy jy kan nie altyd rerig jousef wees nie.*

Deelnemer 13: ja.

Navorser: *Hoe is dit vir jou, as jy voel jy kan nie jousef wees nie?*

Deelnemer 13: Eintlik baie sleg, dan moet ek soos iemand act wie ek nie is nie. **

Hantering, aanvaarding van portuurgroep

Navorser: *Sjoe. Ek kan hoor daar is ‘n hele paar dinge wat pla. Is daar miskien al ‘n plan wat jy probeer maak het met daardie gevoelens?*

Deelnemer 13: Ja. Wel, ok, ek sal nie sê dis ‘n plan nie, maar ek doen dit eintlik. Ek speel soos ek is iemand anders, dan partykeer dink ek miskien is sy ook so, dan partykeer dink ek ek gaan gou badkamer toe, dan sneak ek agter ‘n deur en kyk wat sy eintlik doen en goeters. Maar niks werk uit nie, maar, as ek nie daar is nie, dan is ek by my huis. Dan maak ek altyd asof ek ‘n pop-ster is, en sulke goed, dan het ek my spuitgoed en dan sing ek saam, dan is ek soos rof hoe ek wil wees, in my kamer. Ek spring op my bed en orals.

Navorser: *So by die huis kan jy jousef wees? En doen wat jy eintlik wil doen?*

Deelnemer 13: Ja. Ja.

Navorser: *Dit klink of jy by maats partykeer probeer soek of hulle nie ook dalk van dieselfde goed hou soos jy nie?*

Deelnemer 13: Ja, dan kan ek ook wees wie ek is daar, maar niks werk uit nie. Hulle almal is net daar, rustig, en wag dat ek terugkom. Hulle is soos ‘n dame met hulle pinkie so in die lug!

Navorser: *Ok, sjoe. Ek wil amper sê ek is seker daar moet nog êrens iemand wees wat nog hou van sulke tipe dinge wat jy van hou? Ek kan dink dit sal lekker wees om so iemand te ontmoet?*

Deelnemer 13: Baie! Nogals, ek Love dit om in die woods te gaan en ek love dit om wolwe te sien. Dit is soos my gunsteling ding om te doen! My gunsteling dier is ‘n wolf, ‘n wit wolf, met blou oë, joe, hulle is mooi!

Navorser: *Hulle is mooi ja. Wel, ek dink dit is nou al die vragies wat ek hier het vir ons vandag. As jy weer later aan iets dink wat jy graag vir my wil vertel nog of as iets anders jou dalk pla, kan jy enige tyd vir my kom vertel terwyl ek nog hier is? Dink jy dit sal dalk goed wees as jy weer kan kom gesels oor wat pla? Ek kan hoor daar is 'n klomp dinge wat pla?*

Deelnemer 13: Ja, en daar is nog.

Navorser: *Is dit, jy kan nog iets sê?*

Deelnemer 13: Wel, umm. Daar is nog 'n ding, maar dis eintlik baie embarrassing om te sê... umm, dit is eintlik oor my ma en my pa - in die aande, is hulle eintlik baie happy, maar partykeer dan raas hulle op mekaar, partykeer nie, partykeer is hulle soos lief vir mekaar, en dan.. ja.. dan maak hulle mos liefde. Dan partykeer kan ek nie aan die slaap kom nie, want hulle bed is squeaky.

Navorser: *So dan kan jy hoor wat gebeur?*

Deelnemer 13: Ja. Wanneer ek klein was, het ek ook al uitgefigure daarvoor, ek het soos in hulle kamer gekom maar toe dog ek my pa maak my ma seer. Toe huil ek en toe gaan ek na my kamer toe.

Navorser: *Kon jy dalk al met hulle gepraat het al daarvoor?*

Deelnemer 13: Wel, ek het al probeer, maar my ma wil nie eintlik vir my alles vertel nie. Maar sy't alles vir my broer vertel! En hy is jonger as ek! **Ouers, kommunikasie, verhouding (vertroue)**

Navorser: *Soos jy sê, dit laat jou bietjie embarrassed voel, dalk laat dit haar ook bietjie embarrassed voel?*

Deelnemer 13: Maar sy't dan vir my broer gesê? En hy's in graad 1!

Navorser: *Ok. So pla dit vir jou partykeer as hulle vir hom goed sê en nie vir jou nie?*

Deelnemer 13: Ja. Dit gebeur baie kere. Partykeer kry hy iets wat ek nie kry nie en dan word ek so jaloers en dan word ek so bossy en... ek haat dit as dit gebeur!

Navorser: *As hulle anders met hom is as met jou?*

Deelnemer 13: Ja.

Navorser: *En daai wat jy gesê het as jy partykeer vir jou ma'le hoor en jy kan nie lekker slaap nie? Pla dit vir jou partykeer? As jy aan sulke goed dink?*

Deelnemer 13: In die oggende dan word ek so wakker né? Dan is my oë so bloedrooi, ek kan nie eens my oë oophou nie.

Navorser: *So is dit wanneer jy nie lekker kon slaap nie?*

Deelnemer 13: Ja. Nogals.

Navorser: *Kan jy nie lekker slaap nie oor jy heeltyd dinge hoor, of dink jy ook partykeer aan goed en dan kan jy nie lekker slaap nie?*

Deelnemer 13: Party goeters hoor En dan dink ek aan goeters.

Navorser: *Ok. Is daar al 'n plan wat jy miskien kon gemaak het daarmee, om beter te kan voel dalk?*

Deelnemer 13: Wel, ek het 'n kussing gebruik om my ore toe te druk.

Navorser: *Het dit so bietjie gehelp? Of nie eintlik nie?*

Deelnemer 13: Bietjie.

Navorser: *Ok. Wel ek dink dit sal dalk goed wees as ons dalk weer kan gesels? Ek sal bietjie volgende week kom hoor of ons weer kan gesels? Of hier is 'n ander Tannie wat ook gesels met kinders wat dinge het wat hulle pla?*

Deelnemer 13: Ok.

Navorser: *Jy kan enige tyd vir my nog iets kom sê as jy aan nog iets dink? Hoe was dit vir jou om hieroor te gesels?*

Deelnemer 13: Eintlik baie lekker, ek voel eintlik baie lekker om vir iemand te kan vertel.

Navorser: *Ja dis partykeer goed om vir iemand te vertel wat pla né? Ek dink dit sal dalk goed wees as jy dalk kan probeer iemand kry wat jy mee kan gesels, wanneer iets jou weer pla?*

Deelnemer 13: Ek voel eintlik baie lekker nou dat ek vir jou alles gesê het! Dit voel of ek net alles leeggemaak het en 'n nuwe dag kan begin!

Navorser: *Ek's bly jy voel dis goed om daaroor te kan gesels.*

BYLAE E
DATA-ANALISE: TEMAS, SUBTEMAS EN AANHALINGS

Tabel 2: Intrapersoonlike alledaagse bekommernisse van laerskoolleerders in 'n spesifieke skool in die Helderberg-kom, asook die intrapersoonlike hantering van bekommernisse.

Intrapersoonlik:

Alledaagse bekommernisse			Aanhalings vanuit die onderhoude
	(i) Bekommernisse oor emosies wat ervaar word	Hartseer en woede	<p><i>“<u>Ek huil ook so maklik... ek wil nie huil nie, maar dan bars ek net uit in trane, en ek kan nie ophou nie.</u> Ek wil nie vir almal wys ek huil nie.”</i></p> <p><i>“Dis nie lekker nie. Partykeer gooi ek goeters, want <u>ek raak baie kwaad. En ek huil maklik... net as ek kwaad is, dan huil ek maklik... dit pla my altyd.</u>”</i></p>
		Gevoel van onsekerheid	<p><i>“<u>Dit voel of ek onsigbaar is soms. Wanneer niemand met my praat nie... Ek voel soos dit... van skree, baklei en ek word bekommerd en ek word bang partykeer... dit voel net of ek onsigbaar is... asof niemand my behandel... die manier wat hulle gewoonlik altyd sou nie...</u>”</i></p> <p><i>(“It feels like I’m invisible sometimes. When no-one speaks to me... I feel like that... from screaming, fighting and I get worried and I get scared sometimes... It just feels like I’m invisible... It feels like no-one’s treating me...the way that they normally always would...”)</i></p>

<p>Hantering van bekommernisse</p>	<p>(i) Verkies om alleen te wees</p>		<p><i>“Ek sal as ek by die huis aankom van die skool af, sal ek sonder om vir my ma hallo te sê <u>sal ek in die kamer gaan en my deur toemaak. Ek wil alleen wees.</u>”</i></p> <p><i>“Al wat ek gaan doen is, ek gaan lê in die bed en lees ‘n storieboek, of miskien bietjie NG Kids. <u>Ek kies om bietjie alleen in my kamer te bly.</u>”</i></p> <p><i>“Ek huil partykeer en <u>dan bly ek alleen in die kamer vir die aand.</u>”</i></p>
	<p>(ii) Probeer nie aan bekommernisse dink nie</p>		<p><i>“<u>Ek sal gewoonlik gaan swem, omdat dit my gedagtes van my bekommernisse af kry.</u> Ek voel beter oor dit na die tyd, want ek het dan vir ‘n rukkie vergeet daarvan.”</i></p> <p><i>(“I would normally go swim, because it gets my mind off my worries. I feel better about it afterwards, because then I forgot for a bit.”)</i></p> <p><i>“<u>Ek wil nie oor hartseer goed of iets wat pla dink nie. Ek probeer nie daaraan dink nie.</u>”</i></p> <p><i>“Ek het al <u>myself probeer help om nie daaraan te dink nie. En om te vergeet van dit en skryf dit in ‘n boek. Ek lees, of ek dink aan iets anderster.</u>”</i></p>
	<p>(iii) Huil</p>		<p><i>“<u>Ek huil partykeer en dan bly ek in die kamer vir die aand.</u>”</i></p> <p><i>“Dan [tydens bekommernis] <u>huil ek bietjie, dan voel ek bietjie beter.</u>”</i></p>

			<p><u>“Ek huil net en kom dan oor dit.”</u> <u>(“I just cry and I get over it.”)</u></p>
	(iv) Skryf of teken in dagboek		<p><u>“Die enigste een wat ek mee gesels is my diary. Wat het gebeur en alles... Ek skryf dit, dan voel ek ‘n bietjie beter omdat ek dit dan vir iemand vertel het.”</u></p> <p><u>“Ek sal prente teken en dit laat my lossen voel. Ek skryf goeters.”</u> <i>(‘I would draw pictures and it makes me feel a bit looser. I write stuff.’)</i></p> <p><u>“Ek het al myself probeer help om nie daaraan te dink nie. En om te vergeet van dit en skryf dit in ‘n boek.”</u></p>
	(v) Gebed		<p><u>“As jy bid oor iets, laat dit vir jou bietjie beter voel, ja.”</u></p> <p><u>“Ek bid vir my vriendin, dit laat my bietjie beter voel.”</u></p> <p><u>“Ek bid wanneer ek hom [hond] mis.”</u></p>
	(vi) Eet		<p><u>“My ma sal my miskien na Wimpy toe vat en vir my ‘n milkshake of roomys gaan koop, dan sal ek baie beter daaroor [‘n bekommernis] voel.”</u></p> <p><u>“Gewoonlik werk dit [as hy bekommerd voel] as my pa vir my ‘n roomys koop, ‘n large roomys.”</u></p> <p><u>“Ek raak baie kwaad, ...dit pla my baie, en as ek eet, dan voel ek baie beter. Ek bly altyd kwaad as ek nie eet nie. Ek moet dan eet. Ek eet altyd dan.”</u></p>

	(vii) Slaap		<p><u>“Partykeer slaap ek vir ‘n hele rukkie, dan voel ek beter.”</u></p> <p>(“Sometimes I have a long nap, then I feel better.”)</p> <p><u>“Partykeer voel jy hopeloos...dan gaan slaap jy en word die volgende oggend wakker, dan voel jy nou’s daar weer goed wat jy kan gaan doen.”</u></p> <p><u>“Ek slaap maar net en probeer nie worry oor wat om my aangaan nie.”</u></p>
--	--------------------	--	---

Interpersoonlik:

Alledaagse bekommernisse			Aanhalinge vanuit die onderhoude
	(i) Bekommernisse oor skool	Kwaai onderwysers en straf wat kan volg	<p><u>“My Juffrou is baie kwaai... hul skryf my aspris vir goeters op. Dit pla vir my baie... dit sê vir my die Juffrouens hou nie eintlik van my nie.”</u></p> <p><u>“Dis as ek... ‘n leerboek vergeet het, of iets verloor, dan raak ek bekommerd ek gaan in die moeilikheid kom.”</u></p> <p><u>“In die klas stres ek want, ek is bang, want ek weet nie hoeveel ‘negatiewes’ ek al het nie, en ek’s bang ek sit detensie. Ek’s bekommerd dat ek in die moeilikheid kom.”</u></p>

		<p>Moontlike swak prestasie</p>	<p><u>“Die eksamen [bekommernis], definitief. Ek is bang ek het so paar woorde vergeet, en ek gaan swak doen. Ek is bekommerd oor my punte... dis nie lekker nie: skrikkerig of bangerig.”</u></p> <p><u>“Dan word ek bekommerd oor my skoolwerk. As ek nie verstaan nie, dan weet ek nie wat om te doen nie. Dis hartseer en bekommerd.”</u></p> <p><u>“Ek was bekommerd my LOR se punte was sleg, dat ek dit [Lewensorientering] nie gaan deurkom nie en dan gaan ek die graad moet oordoën... nie lekker nie en nogal skaam.”</u></p>
	<p>(ii) Bekommernisse oor gesin</p>	<p>Konflik in die gesin</p>	<p><u>“My pa vloek ons in die huis en partykeer my broer en ek. My pa en my broer baklei baie. Nou praat hulle nie meer met mekaar nie. Die bakleiery pla my altyd.”</u></p> <p><u>“Ek hou nie daarvan as my suster en my ma baklei nie... Dit maak my bang.”</u></p> <p><u>“Wel, my ma en pa baklei...dit is wat my bangmaak. Ek is te bang om vir my ma te vertel dat dit [konflik tussen ouers] my pla. Dit voel hartseer. Hulle skree net op mekaar en alles. Ek voel soos dit: van die skree, baklei, en ek word bekommerd en ek is bang partykeer.”</u></p>

			<p>("Well, my mom and my dad are fighting... that is what scares me. I'm too scared to tell my mom that it bothers me. It feels sad. They just scream at each other and everything. I feel like that: from screaming, fighting, and I get worried and I get scared sometimes.")</p>
		<p>Veiligheid van gesin</p>	<p><u>"Ek voel baie gestres, sê nou maar ietsie het gebeur of fout gegaan met my pa as hy weg is, of hy't 'n ongeluk of iets soos dit, en ek hoor geluide in die huis, as ek alleen is...ek is ook bekommerd oor my boetie wat vooruit hardloop buite die kerk, want daar's baie dronkies daar anderkant, is baie dronk mense."</u></p> <p><u>"Toe gaan ry ons quads en toe val my ma. Ek was bang gewees... dit het my baie gepla."</u></p> <p><u>"Hoe my ouers baklei het. En wat gaan nou volgende gebeur: ...sê nou maar hulle sê: kies nou jou ouer, by wie jy wil bly, en dan vloek hulle op mekaar, en dis wat my bekommer, want ek dink hulle gaan 'n mes uitgryp of wat, dis waaroor ek bekommerd is. Ek's bang daar gebeur iets ergs..."</u></p>
		<p>Finansies en werkloosheid in die gesin</p>	<p><u>"As my pa nie die skool kan betaal nie, dan sê my ma as hy nie sy kant bring nie gaan daar oorlog wees. Dit voel nie lekker nie. Dan dink ek...dis nie lekker om bekommerd te voel daaroor nie."</u></p> <p><u>"My pa is in 'n ander land, ek hou nie</u></p>

			<p>daarvan nie want hy, daai hotel wat afgebrand het, hy was die bestuurder daar, en nou moet hy reis om 'n hotel te vind, toe vind hy daai een ver weg, en so <u>ek wil nie hê hy moet afgedank word of iets nie.</u>”</p> <p>(“My dad is in another country, I don't like it because he, that hotel that burnt down, he was the manager there, so now he must travel to find a hotel, and he found that one far away, and so I don't want him to get fired or something.”)</p> <p><u>“Ek voel hartseer omdat my pa kan nie meriete aand toe kom nie want my ma wil hom nie daar hê nie, sy sê hy behoort nie daar nie, want hy betaal nie vir die skool en aftercare nie... Ek wil hê hy moet kom... ek dink altyd daaroor, en dan voel ek hartseer. Dan sê my ma dat die girlfriend, sy soek nie vir 'n werk nie want my pa het nou sy werk verloor, maar toe my ma se boyfriend sonder werk sit, toe het my ma twee werke gehad, maar my pa se girlfriend sit net by die huis voor die computer; sy moet ook 'n bietjie vir werk gaan soek om my pa te help. En my Ouma huil partykeer daaroor, want my pa kry nie werk nie. Sy maak nou beskuit om geld te kry vir my pa.”</u></p>
		Die gevolge van egskeiding	<p><u>“My ma en pa is geskei en.. elke dag mis ek hom [pa]. Ek sien hom net...elke Desember. En my stiefsusters en my broers, en my stiefma. Ek mis hulle. Dit maak my hartseer. Dit pla my baie.”</u></p>

			<p>“My mom and my dad are divorced and...every day I miss him. I only see him...every December. And my stepsisters and my brothers, and my stepmother. I miss them. It makes me sad. It bothers me a lot.”)</p> <p>“Dit lyk of my pa se girlfriend nie van ons hou nie, en dan pla dit my. <u>Partykeer voel dit soos my pa se girlfriend wil my pa wegsteel van ons af.</u> Dit voel nie lekker vir my nie, <u>dit voel hartseer.</u>”</p> <p>“<u>My ma het gesê dat daar gaan oorlog kom tussen my ma en my pa,</u> en hulle het eintlik geskei toe ons vyf jaar oud was. Ons het baie gehuil toe ons klein was want <u>ons gaan my pa mis,</u> en hy’t ver gebly.”</p>
	<p>(iii) Bekommernisse oor vriende</p>	<p>Konflik met maats</p>	<p>“<u>As my maats onbeskof is pla dit my.</u> Dit laat my hartseer voel, want <u>ek het niks maatjies dan nie.</u> Dan bly ek maar net in die huis. <u>Ek is bang hulle is weer lelik met my.</u>”</p> <p>“... <u>ek weet nie wat om te doen nie [aangaande konflik met maats]. Ek is bang dat ons ons vriendskap gaan verloor.</u>”</p> <p>“<u>Een keer toe vertel ek vir my beste vriend iets en toe sê sy dit vir almal.</u> Ek was hartseer en ek was ook kwaad vir haar gewees. <u>Dit het my gepla, en ek is nog partykeer bang dit gaan weer gebeur.</u> Ek kan nie vir iemand meer iets vertel wat gebeur het nie.”</p>

		<p>Aanvaarding van portuurgroep</p>	<p><i>“Ek is baie rof, dan partykeer voel ek net of ek nie kan soos ‘n ordentlike kind wees nie dan’s ek bang om na partytjies en so te gaan. Want dan dink ek ek gaan baie hard daar wees, en dan gaan almal weird oor my dink. <u>Ek is bang hulle [portuurgroep] hou nie van my nie.</u> Ek is soos ‘n tomboy... Dit voel of ek die enigste meisie in die hele wêreld is wat hou van sulke tipe goed... <u>ek kan met niemand myself wees nie.</u> <u>Dan moet ek soos iemand act wie ek nie is nie.</u> Ek speel soos ek is iemand anders.”</i></p> <p><i>“<u>Party kinders het net ‘n dag met my gespeel, dan los hulle my uit.</u> Dit was soos, <u>hulle my nie naby hulle wou hê nie...</u> Dit voel vir my asof ek nie weet wat aangaan nie, en <u>dat kinders my net gebruik vir as hulle nie vriende het nie, dan gebruik hulle my vir een dag...</u>”</i></p> <p><i>“... en dit voel net of ek onsigbaar is. Dis is baie hartseer. <u>Dit voel of niemand my behandel...die manier wat hulle gewoonlik altyd sou nie...</u>”</i> <i>(“...and it just feels like I’m invisible. It is very sad. It feels like no-one’s treating me...the way that they normally always would...”)</i></p>
		<p>Boelie-gedrag</p>	<p><i>“<u>My klein boetie...</u> ek huil net die heelyd as ek daaroor dink... <u>[kinders] terg hulle hom. Hulle is lelik met hom. ...vir hom qelag en...dan</u></i></p>

		<p><u>slaan hulle hom en dan hardloop hulle weg... ek sê vir hulle: "Hou op! Hou op!" ... dan praat hulle terug met my... hulle hou net aan."</u></p> <p><u>"Gewoonlik is dit omdat kinders my baie boelie. Hulle noem my baie keer 'gay' en hulle noem my 'n 'moffie' en so. Dis nie lekker nie want in pouse wil ek nie uitgaan nie; ek wil nie verby hulle loop nie, want jy weet nie wat hulle volgende gaan sê nie. Dit pla my baie. Dit pla my elke dag in die klas. Ek dink oor die dinge wat hulle sê en ek wonder hoekom hulle dit sal sê, en ek weet regtig nie wat om daaraan te doen nie....die manier wat mense my soms behandel... Hulle spot my, hulle sê goed soos, omdat ek aangeneem is, en hulle sal onbeskofte dinge daaroor sê, en dit ontstel my regtiq. Ek los dit net en gaan huistoe. Ek los dit net..."</u></p> <p><i>("Usually it's because children bully me a lot. They call me 'gay' a lot and they call me a 'moffie' and stuff. It's not nice because at break time I don't want to go there, I don't want to walk past them, because you don't know what they're going to say next. It bothers me a lot. It bothers me every day in class. I think about the stuff they said and I think about like, why would they say that, and I just don't know really what to do about it. ... the way people treat me sometimes. They tease me because, they say stuff like, because I'm adopted, and they say like rude stuff about it and makes me feel really upset. I just leave it and go home. I just leave it...")</i></p>
--	--	--

			<p><i>“Ek vertel nie vir juffrou nie want ek weet hulle gaan my dan net meer terg... omdat hulle [onderwysers] glo nie wat ek sê is waar nie.”</i></p> <p><i>“<u>Partykeer forseer hulle my om my kos vir hulle te gee...</u>”</i></p>
	(iv) Bekommernisse oor verlies	Die dood van self of familie	<p><i>“<u>Ek voel hartseer en soort van alleen, oor ek wat kan doodgaan...dis wat ek die meeste oor bekommerd is. En my ma. Meestal my ma. Ek bekommer daaroor en ek is tranerig. Ek is bekommerd oor my ma, ek is bang sy raak siek.</u>”</i></p> <p><i>(“I feel sad and sort of lonely, about me dying... that’s what I’m most worried about. And my mom. Mostly my mom. I worry and am tearful. I’m worried about my mom, I’m scared she may get sick.”)</i></p> <p><i>“<u>My suster is soos veertien en sy het al pille geneem om haarself te probeer doodmaak, en ek hou nie daarvan nie. Ek is bang.</u>”</i></p> <p><i>(“My sister is like fourteen and has also taken pills to kill herself, and I don’t like that. I am scared.”)</i></p> <p><i>“<u>My Oupa het doodgegaan. Hy’t daai Vrydag doodgegaan en hy was nie die volgende dag meer hier nie, en ons het toe begrafnis toe gegaan. En ek dink nog steeds aan hom. En dit pla my nogal. Dit laat my hartseer voel.</u>”</i></p>
		Die dood van ‘n geliefde troeteldier	<p><i>“<u>Ek bekommer my want my hond gooi op en ek’s bang sy’s siek. En een van my ander honde het doodgegaan van kanker, en ek het</u></i></p>

			<p><u>baie gehuil toe. Ek was bang sy gaan dood, dan huil ek elke keer en ek kyk na haar en dit lyk so seer, en ek weet nie hoe sy voel nie, en ek's bang dan...toe bekommerd ek my.</u></p> <p><u>"As my hond weghardloop en sy kom nie terug nie, ek's bang sy kry seer. Ek bekommer my want ek weet nie waar sy is nie. Ek's bang sê nou maar iemand maak haar seer of doen iets aan haar, as sy uit die huis is."</u></p> <p><u>"Een van my beste honde, toe ek nog klein was, hy het my goed geken en ek het hom goed geken, maar toe gaan hy dood van bosluissiekte. My beste dier, as hy doodgaan dan voel ek so hartseer dan wil ek begin om te huil. Dit pla my, ons het nou sulke foto van hom, waar hy klein was. Elke keer wanneer ek na hom kyk, dan voel ek so hartseer of bekommerd partykeer."</u></p>
Hantering van bekommernise	(i) Bestee tyd met 'n familielid		<p><u>"My ma en pa kan my help, ek kan met hulle gesels as iets pla."</u></p> <p><u>"Dit help om met Mamma te gesels daaroor."</u></p> <p><u>"Ek speel gewoonlik met my boetie, soos tennis. Ek voel beter na die tyd."</u> ("I normally play with my brother, like tennis. I feel better afterwards.")</p>
	(ii) Bestee tyd met vriende		<p><u>"Ek gaan dan na T, hy's in my kompleks. Hy's my enigste vriend."</u></p>

		<p><u>Ek gaan speel by hom as die ander maatjies lelik is</u></p> <p><u>“My beste vriend... Ons speel en sal albei probeer om dit [bekommernisse] uit ons gedagtes te kry... op die ou end het ons soveel pret met al ons vriende...”</u></p> <p><i>(“My best friend that used to always ask me... she and I just feel the same. We like play and we both try to get it out of our minds... In the end we’re having so much fun with all of our other friends...”)</i></p> <p><u>“Ek sal met my vriende gaan speel, om my kop op ‘n ander plek te kry en myself te geniet. Ek vergeet van dit dan. My beste vriend is altyd daar.”</u></p>
	<p>(iii) Bestee tyd met media</p>	<p><u>“Ek sit ‘n radio aan en dan luister ek wat die mense sê. Dan dink ek aan wat hulle sê en dan voel ek beter.”</u></p> <p><u>“Ek kyk televisie, en dit laat my baie beter voel, want ek sit voor die televisie en alles gaan weg.”</u></p> <p><u>“Ek sit partykeer in my kamer en speel playstation dan.”</u></p>
	<p>(iv) Bestee tyd met troeteldiere</p>	<p><u>“Net my hond lê by my en ek vryf haar, dis lekker, dit laat my beter voel.”</u></p> <p><u>“Ek het met die hond gaan stap of speel.”</u></p> <p><u>“Dan lê ek op die bank, met ‘n kussing en ‘n kombes, en my hond lê hierso, en dan vryf ek haar... dis lekker. Dis baie lekker.”</u></p>

	(v) Vra vir ondersteuning by die skool	<p><u>“Ek het met die Moempi-tannie gaan gesels. Dit het nogals gehelp.”</u></p> <p><u>“As iets my soos bekommerd maak dan skryf ek net ‘n briefie vir Moempi, en vra vir hom dan, dit voel bietjie beter dan. Dit laat my beter voel, om vir iemand te sê.”</u></p> <p><u>“Ek skryf vir Moempi.”</u></p>
--	---	---

BYLAE F RIGLYNE VIR ARTIKEL



ISSN 0041-4751 *printed*
version

Scope and policy

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. It is a quarterly journal with articles in Afrikaans and Dutch and summaries in English, French and German.

The intended audience of this journal is researchers and scholars in the fields of theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences.

Form and preparation of manuscripts

Manuscript format and layout / guidelines to authors:

Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and according to the technical specifications of the journal.**

- Authors must submit written proof that the manuscript

has been edited by a knowledgeable language practitioner.

- Contributions are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of 600-1000 words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately 10 - 20 key terms in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations** or **drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.

Guidelines for headings:

1. MAIN HEADINGS are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1 Headings are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1.1 Sub-headings are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

Table headings:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: *Systemic interdependence.*

- **Quotations** are not in italics - even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples

in the printed journal.

- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

Examples:

Book: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Article from journal or magazine: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Chapter in a book: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds.). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

OR IN AFRIKAANS:

McFarlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

References in the text:

Volgens Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ...(Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

Page fees: There is a charge of R170 per printed page (+BTW) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her

university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

Copyright: On acceptance of an article the author gives copyright to the *SA Akademie*. A written agreement to this effect will be required of the author(s).